

**STEFANS GROVÉ: *CONCERTINO* VIR KLAVIER
EN KAMERORKES – ‘N ANALISE**

deur

MARTHINUS CHRISTOFFEL BOTHA

Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

DMus (Uitvoerende Kuns)

in die Fakulteit Geesteswetenskappe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. H.J. STANFORD

PRETORIA

September 2007

INHOUDSOPGAWE

1	INLEIDING	1
1.1	Motivering vir die studie	1
1.2	Doelstelling	2
1.3	Navorsingsmetode	3
1.4	Terreinafbakening	3
1.5	Hoofstukindeling	3
1.6	Terminologie	4
2	EERSTE DEEL: <i>ANDANTE CON MOTO – PRESTO</i>	5
2.1	Struktuur	5
2.2	Kiemselpermutasies	6
2.3	Ritmiek	31
2.4	Melodiek	44
2.5	Toonkleur en tekstuur	52
3	TWEEDE DEEL: <i>ANDANTE CON MOTO</i>	63
3.1	Struktuur	63
3.2	Kiemselpermutasies	63
3.3	Ritmiek	71
3.4	Melodiek	78
3.5	Toonkleur en tekstuur	85
4	DERDE DEEL: <i>PRESTO ENERGICO</i>	95
4.1	Struktuur	95
4.2	Kiemselpermutasies	95
4.3	Ritmiek	107
4.4	Melodiek	120
4.5	Toonkleur en tekstuur	130

5	OOREENKOMSTE MET ANDER WERKE UIT <i>MUSIC FROM AFRICA</i>	148
5.1	<i>Sonate op Afrika-Motiewe</i> vir viool en klavier	148
5.2	<i>Liedere en Danse uit Afrika</i>	151
5.3	<i>Nonyana, die Seremoniële Danser</i>	155
5.4	<i>Dance song for the Nyau Dance</i>	159
5.5	<i>Gesprekke</i> vir orrel en klavier	161
5.6	<i>Stemminge</i> vir altsaxofoon en klavier	168
6	SLOT	176
	BRONNELYS	178
	SUMMARY	
	OPSOMMING	
	LYS VAN VRYETAAL SLEUTELTERME	
	BYLAAG A	
	BYLAAG B	

1. INLEIDING

1.1 Motivering vir die studie

Die skrywer het as voorgraadse student aan die Universiteit van Pretoria vir die eerste keer met die musiek van Stefans Grové in aanraking gekom. Dit is veral die komposisies uit die *Music from Africa*-reeks wat 'n blywende indruk op hom gemaak het as gevolg van die besondere klankwêreld wat in hierdie werke vergestalt word.

Die skrywer is van mening dat die komponis se bydrae tot die Suid Afrikaanse literatuur vir solo-klavier van die mees beduidende klaviermusiek is wat binne ons land se grense geskep is. *Liedere en Danse uit Afrika*, *Nonyana*, *die seremoniële danser*, *Ses Beelde uit Afrika* en *Dance Song for the Nyau Dance* is almal voorbeelde van werke wat hulself in die standaard-repertorium van Suid Afrikaanse pianiste gevestig het.

Behalwe vir die werke vir solo-klavier, bevat Grové se oeuvre heelwat ander komposisies wat aan die pianis geleentheid bied om die komponis se unieke klankwêreld te verken. Enkele voorbeelde is die *Sonate* vir altviool en klavier, *Sewe Liedere op Boesman-verse* vir sopraan, strykkwartet en klavier, *Gesprekke* vir orrel en klavier en die *Sonate op Afrika-motiewe* vir viool en klavier.

Die skrywer was sedert 2004 aktief betrokke by eerste uitvoerings van etlike werke uit Grové se pen. Onder hierdie werke tel die *Gesprekke* vir orrel en klavier, *Stemminge* vir altsaxofoon en klavier, *Die stille wêreld van gister* vir klavichord en die *Concertino* vir klavier en kamerorkes (die onderwerp van hierdie mini-verhandeling). 'n Laserskyf-opname wat tydens die eerste uitvoering van die *Concertino* gemaak is, sal vir verwysingsdoeleindes as bylaag by die mini-verhandeling ingesluit word.

Al die werke uit *Music from Africa* stel formidabele eise aan die voordraer, en die komplekse aard van die musiek skep dikwels uitdagings gedurende die instuderings- en memoriseringsfases daarvan. Die *Concertino* is geen uitsondering nie, en die skrywer is van mening dat 'n deeglike analise van die werk 'n hulpmiddel sal wees vir pianiste en dirigente wat beoog om dit uit te voer. Uit informele gesprekke met die komponis het dit duidelik geblyk dat 'n breedvoerige uiteensetting van die komposisie-inhoud van die *Concertino* ook as hulpmiddel kan dien om die ander werke uit die *Music from Africa*-reeks beter te verstaan.

Die *Concertino* vir klavier en kamerorkes is nommer 24 in die *Music from Africa*-reeks en bestaan uit drie dele: *Andante con moto – Presto, Andante con moto* en *Presto energico*.

1.2 Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om die *Concertino* vir klavier en kamerorkes ten opsigte van struktuur, ritmiek, melodie, toonkleur en tekstuur te ontleed, en om verbande te trek tussen die komposisie-inhoud van hierdie werk en geselekteerde ander werke uit *Music from Africa*. Stefans Grové se komposisies uit die *Music from Africa*-reeks stel hoë eise aan die voordraer ten opsigte van die ingewikkelde ritmiek, tematiese inhoud en nie-tradisionele vormskemas daarvan. Hierdie analise van die werk sal myns insiens van nut wees vir pianiste en dirigente wat beoog om dit uit te voer, aangesien dit die aanleerproses sal bespoedig en 'n meer omvattende begrip van die musikale inhoud van die werk moontlik sal maak. 'n Vergelyking tussen die *Concertino* en enkele ander werke uit *Music from Africa* sal as 'n oorsig van Grové se mees kenmerkende styleienskappe dien.

1.3 Navorsingsmetode

Navorsing is deur middel van onderhoude met die komponis, asook partituur- en literatuurstudie onderneem. Alhoewel daar bestaande studies is wat op enkele ander werke uit *Music from Africa* van toepassing is, is geen bronne wat direk met die komposisie-inhoud van die *Concertino* vir klavier en kamerorkes verband hou, beskikbaar nie. Hierdie studie bestaan dus hoofsaaklik uit oorspronklike analise (voortspruitend uit onderhoude met die komponis en onafhanklike partituurstudie).

1.4 Terreinafbakening

Hierdie studie is beperk tot die analise van die drie dele van Stefans Grové se *Concertino* vir klavier en kamerorkes (2003). Elke deel van die *Concertino* sal in 'n aparte hoofstuk ontleed word, en die analyses sal telkens onder 'n stel konsekwente titels deurgevoer word. Struktuur, kiemselpermutasies, ritmiek, melodie, toonkleur en tekstuur sal by elke deel bespreek word. Ooreenkomste tussen hierdie werk en enkele ander werke uit *Music from Africa* sal in 'n aparte hoofstuk bespreek word, en ten slotte sal die bevindings van die studie kortliks opgesom word.

1.5 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 dien as inleiding tot die mini-verhandeling

In hoofstukke 2 tot 4 sal die afsonderlike dele van die *Concertino* onder verskeie subtitels uitgelê word. Analises sal deurgaans met notevoorbeelde en tabelle (waar van toepassing) toegelig word.

In hoofstuk 5 sal verbande tussen eienskappe van hierdie werk en dié van geselekteerde ander werke uit *Music from Africa* getrek word. Opvallende ooreenkomste ten opsigte van ritmiek, melodie, toonkleur en tekstuur sal uitgewys en kortliks bespreek word.

In hoofstuk 6 sal die belangrikste komposisietegnieke in hierdie werk, sowel as geselekteerde ander werke uit *Music from Africa*, opsommenderwys saamgevat word.

Aangesien die *Concertino* vir klavier en kamerorkes tot op datum nie in druk verskyn het nie, en andersins moeilik bekombaar is, het die skrywer dit nodig gevind om 'n volledige manuskrip daarvan as bylaag by hierdie studie in te sluit (Bylaag A). 'n Laserskyf-opname¹ van die werk wat tydens die eerste opvoering op 14 Julie 2004 in die Musaion gemaak is, sal as bylaag B dien.

1.6 Terminologie

Die meerderheid van die terme wat in hierdie studie gebruik word, is deel van die algemene musiekwoordeskat. Die betekenis van enkele beskrywende terme wat gedurende die onderhoude herhaaldelik deur Stefans Grové gebruik is (byvoorbeeld "terugblik", "beweeglikheidsfiguur" en "dwangbaadjie"), sal binne die konteks van die analise duidelik word.

¹ Chamber Orchestra of South Africa onder leiding van Eric Rycroft, met Tinus Botha (klavier).

2. EERSTE DEEL: *ANDANTE CON MOTO* – *PRESTO*

2.1 Struktuur

Die makrostruktuur van die eerste deel van die *Concertino* word deur Grové beskryf as "deurgekomponeerd met enkele terugblikke" (Grove, S: 3 Augustus 2007). Die onderstaande tabel stel die struktuur van die eerste deel voor.

Tabel 1:

Verdeling	Maatnommers
Inleiding	1-12
Seksie A1	13-20
Seksie A2	21-25
Seksie B1	26-28
Seksie B2	29-32
Terugblik na A2	33-38
Terugblik na A1	39-44
Seksie C	45-51
Seksie D	52-73
Deurwerking	73-105
Koda	106-129

Dit is nie moontlik om die kenmerke van elke seksie hier te beskryf sonder dat beduidende oorvleueling met subhoofstukke 2.2 tot 2.5 ontstaan nie. In die subhoofstukke wat volg, sal belangrike kenmerke van elke seksie dus bespreek word.


2.2 Kiemselpermutasies

Die skrywer vind dit noodsaaklik om die mees opvallende permutasie wat in hierdie deel voorkom, uit te wys en te beskryf. Dit kan sodoende duidelik gesien word hoe die aanwending van kiemselpermutasie samehang in hierdie deel bewerkstellig. Daar is egter baie min van die inhoud van die eerste deel wat nie van een van die vyf kiemselle afleibaar is nie. Ten einde lompheid en omslagtigheid te vermy, sal net die mees opvallende voorbeelde in hierdie subhoofstuk genoem en bespreek word.

2.2.1 Kiemsel A

Die eerste kiemsel kom in die fluitparty van mate 1 en 2 voor. Hierdie kiemsel bestaan uit drie verskillende toonhoogtes en word gekenmerk deur die intervalle van 'n mineurterts en 'n mineursekunde. Ten opsigte van melodiese kontoer verskil hierdie kiemsel van die ander as gevolg van die kombinasie tussen dalende en stygende intervalle.

Voorbeeld 1: mate 1 tot 2, fluit



Die teenmelodie in die trompetparty (mate 1 en 2) kan as 'n melodiese permutasie van kiemsel A beskryf word. Hierdie teenmelodie word verander deur middel van omkering en intervalwysiging.

Voorbeeld 2: mate 1 tot 2, trompet



Die mineurtertse en melodiese kurwe wat in mate 31 en 32 in die viole en altviole voorkom, kan ook na die eerste kiemsel herlei word. Die afstand tussen die derde en vierde note word na 'n mineurterts vergroot. Ritmiese wysiging vind ook hier plaas.

Voorbeeld 3: mate 31 tot 32, viole en altviole

In mate 40 en 41 word 'n gewysigde vorm van die kiemsel in die trompet- en klavierpartye aangetref. Die mineurtertse in die trompet en regterhand van die klavier is van die tweede en derde note van die kiemsel afgelei. In die linkerhand van die klavierparty word die tweede, derde en vierde note van die kiemsel sonder intervalwysiging op 'n ander toonhoogte aangebied.

Voorbeeld 4: mate 39 tot 41, trompet en klavier



The musical score for Example 4, measures 39-41, is written for trumpet and piano. The trumpet part is in the upper staff, marked *senza sord.* and *f*. The piano part is in the lower staves, marked *f*. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 3/8. The score shows a melodic line in the trumpet and a complex accompaniment in the piano, including a repeated double-note minor triad in the right hand.

In die eerste viole (mate 102 en 103) word kiemsel A deur middel van intervalvergroting ontwikkel. Die oorspronlike melodiese kurwe word behou. Die herhaalde dubbelpootmineurtertse in die regterhand van die klavier dien verder as hulpmiddel om hierdie permutasie uit te lig. Ritmiese verkleining word aangewend.

Voorbeeld 5: mate 102 tot 103, klavier en eerste viole



The musical score for Example 5, measures 102-103, is written for piano and first violin. The piano part is in the lower staves, marked *p* and *mf*. The first violin part is in the upper staff, marked *pizz* and *mf*. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 10/16. The score shows a melodic line in the first violin and a complex accompaniment in the piano, including a repeated double-note minor triad in the right hand.

Op die eerste polse van mate 112 en 113 (fluit) word die oorspronlike melodiese kurwe sowel as die viernootpatroon behou. Die teenwoordigheid van die mineurterts is opvallend, maar die interval tussen die derde en vierde note word tot 'n rein kwart vergroot.

Voorbeeld 6: mate 112 en 113, fluit



Die laaste verwysing na hierdie kiemsel vind in mate 128 en 129 in die trompetparty plaas. Die oorspronklike melodiese kurwe word behou, maar die tweede en derde intervalle word vergroot.

Voorbeeld 7: mate 128 en 129, trompet



2.2.2 Kiemsel B

Die tweede kiemsel word in maat 13 deur die eerste drie note van die fluit bekendgestel. Die intervalsamestelling van rein kwarte en die dalende kontoer maak hierdie kiemsel besonder maklik herkenbaar.

Voorbeeld 8: maat 13, fluit



Die eerste permutasie van hierdie kiemsel vind vanaf maat 42 tot 43 in die fluitparty plaas. Die oorspronklike intervalle word na 'n mineursekunde en 'n mineursekst gewysig, en ritmiese wysiging word toegepas. Ten spyte van bogenoemde

intervalwysiging is hierdie passasie steeds as 'n afleiding van kiemsel B herkenbaar as gevolg van die dalende kontoer en die feit dat dit om drie verskillende toonhoogtes spil.

Voorbeeld 9: mate 42 en 43, fluit




Die volgende voorbeeld word in maat 58 in die marimba aangetref. Intervalliese wysiging en ritmiese verkleining word toegepas. Die dalende kontoer en die rein kwart is duidelik van kiemsel B afkomstig.

Voorbeeld 10: maat 58, marimba



Nog 'n permutasie van kiemsel 2 vind in maat 97 in die marimba plaas. Ritmiese verkleining en intervalwysiging word aangewend, maar die kontoer is steeds dalend en die 2+3-groepering van die oorspronklike stelling word behou.

Voorbeeld 11: maat 97, marimba



Tussen mate 119 tot 123 is daar verskeie permutasies van hierdie kiemsel in die fluit-, trompet- en marimbapartye. Die feit dat al drie hierdie instrumente op hierdie stadium in unisoon speel, maak hierdie verwysing besonder opvallend.

Voorbeeld 12: mate 119 tot 123, fluit, trompet en marimba



The musical score consists of three staves in 8/16 time. The top staff (flute) starts with a dynamic of *sf* and a *p* dynamic later, with a *cresc* marking. The middle staff (trumpet) also starts with *sf* and *p*, with a *cresc* marking. The bottom staff (marimba) starts with *sf* and *p*, with a *cresc* marking. The music features a melodic pattern in the upper staves and a rhythmic pattern in the lower staff, with various dynamics and articulation marks.

2.2.3 Kiemsel C

Die derde kiemsel verskyn in die laaste drie note in die fluitparty in maat 13, en bestaan uit 'n patroon van drie herhaalde agtstenote. Die bondigheid van konstruksie val in maat 13 sterk op, aangesien twee kiemsele in oorvleueling met mekaar aangebied word.


Voorbeeld 13: maat 13, fluit



The musical score shows a single staff in 8/16 time, measure 13. It features a melodic pattern of three repeated eighth notes, with a dynamic of *p* and a *cresc* marking.


Die eerste aanhalings van hierdie kiemsel kom in mate 21 tot 25 in die klavierintrede voor. Streng gesproke kan hierdie aanhalings nie permutasies genoem word nie, aangesien geen ritmiese of intervalwysigings voorkom nie. As gevolg van die non-melodiese aard van kiemsel C word dit gereeld deur die loop van hierdie deel direk aangehaal.

Voorbeeld 14: mate 21 tot 24, klavier



Ritmiese permutasie vind wel in mate 26 tot 28 in die repliek van die lae strykers plaas.

Voorbeeld 15: mate 26 tot 28, altviole, tjello's en kontrabasse



Met die tweede intrede van die klavier in maat 33 word die kiemsel in dubbelnote aangebied.

Voorbeeld 16: mate 33 tot 35, klavier

In mate 38 tot 41 word hierdie kiemsel onderskeidelik deur die strykers en die klavier gespeel. In die laaste drie polse van die klavier in maat 41 word ritmiese vergroting toegepas.

Voorbeeld 17a: maat 38, strykers

Voorbeeld 17b: mate 39 tot 41, klavier




Vanaf maat 51 tot 86 is hierdie kiemsel die belangrikste rolspeler. Die strykers speel 'n ritmies gewysigde weergawe daarvan in maat 51, en vanaf maat 52 tot 56 word dit in elke maat in ritmiese vergroting aangewend.

Voorbeeld 18a: mate 52 tot 54, strykers



Voorbeeld 18b: maat 55, klavier



Die ritmiese reëlmatigheid van hierdie permutasies is besonder opvallend in teenstelling met die onreëlmatige metriese groeperings in mate 57 en 58.

Voorbeeld 19: mate 56 tot 59, klavier en strykers



Verskeie ritmies-verkleinde stellings van hierdie kiemsel word in mate 60 tot 65 in al die instrumente aangetref. Hierdie permutasies staan uit as gevolg van die feit dat hulle dikwels kort na mekaar in die verskillende instrumentgroepe voorkom.

Voorbeeld 20: maat 61, klavier, viole, altviole



In mate 66 tot 68 word daar in die strykers terugverwys na die reëlmatige ritmiese vergrotings van mate 52 tot 59 (sien voorbeeld 18a).


Voorbeeld 21: mate 66 tot 68, strykers



The musical score for strings consists of five staves. The first staff is a treble clef with a 3/4 time signature. The second and third staves are also treble clefs with a 3/4 time signature. The fourth and fifth staves are bass clefs with a 3/4 time signature. The score is divided into three measures. The first measure has a 3/4 time signature and a dynamic marking of *p*. The second measure has a 2/4 time signature and a dynamic marking of *f*. The third measure has a 3/4 time signature and a dynamic marking of *p*. The notes are primarily quarter and eighth notes, with some rests and accents.

Die fluit, trompet en strykers keer in mate 71 tot 73 terug na die ritmies verkleinde weergawe van die kiemsel.

Voorbeeld 22a: mate 71 en 72, fluit en trompet




The musical score for flute and trumpet consists of two staves. Both staves are in a 6/16 time signature. The first staff has a key signature of one flat (B-flat) and a dynamic marking of *f*. The second staff has a key signature of one flat (B-flat) and a dynamic marking of *f*. The notes are primarily eighth and sixteenth notes, with some rests and accents.

Voorbeeld 22b: maat 73, strykers



In mate 84 en 86 word die kiemsel deur die klavier as fortissimo-akkoorde in die middelregister aangebied.

Voorbeeld 23: mate 84 tot 86, klavier



Die eerste viole en klavier speel in mate 89 en 93 onderskeidelik 'n nuwe ritmiese permutasie van hierdie kiemsel. Die eerste agtstenoot van die oorspronklike kiemsel word na 'n sestienenoet verklein.

Voorbeeld 24a: maat 89, eerste viole



Voorbeeld 24b: maat 93, klavier



Die laaste direkte verwysing na hierdie kiemsel vind in maat 98 in die klavierparty plaas. Ritmiese verkleining word toegepas.


Voorbeeld 25: maat 98, klavier



2.2.4 Kiemsel D


Die vierde kiemsel kom op die laaste pols in maat 22 (klavier) voor. Hierdie kiemsel is dalend in kontoer en bestaan uit vier note. 'n Mineurterts en majeuresekunde is teenwoordig, en die omvang is binne die interval van die rein kwart gebonde. Die ritmiese abruptheid van hierdie kiemsel is een van sy hoofkenmerke.

Voorbeeld 26: maat 22, klavier



Die eerste permutasies van hierdie kiemsel kom in mate 24 en 25 in die regterhand van die klavierparty voor. In die eerste permutasie word dieselfde intervalle en kontoer behou, maar ritmiese vergroting vind plaas.

Voorbeeld 27a: maat 24, klavier



In die tweede permutasie word die kontoer weereens behou, maar die laaste interval word vergroot en die C-kruis word herhaal.

Voorbeeld 27b: maat 25, klavier (tweede en derde polse)

Musical notation for Example 27b, measures 25, piano (second and third pulses). The notation is in bass clef with a 7/8 time signature. The upper staff contains a melodic line with a sharp sign on the second measure and accents on the first and third measures. The lower staff contains a bass line with an accent on the first measure.

Die intrede van die marimba in maat 29 is 'n melodiese permutasie van kiemsel D. Daar is ook elemente van kiemsele B en C teenwoordig (die rein kwart en die drie herhaalnote op C), maar die ritmiese ooreenkoms met kiemsel D is te sterk om 'n ander interpretasie van hierdie figuur te regverdig. Die permutasie word in maat 30 hervat en uitgebrei. In maat 32 word die stelling van maat 29 op 'n ander toonhoogte gehoor.

Voorbeeld 28: mate 29 tot 32, marimba

Musical notation for Example 28, measures 29 to 32, marimba. The notation is in treble clef with a 7/8 time signature. It begins with a forte (*f*) dynamic marking. The melody consists of eighth and sixteenth notes, with a final measure ending in a whole note.

In maat 43 word hierdie kiemsel op die derde pols in die fluitparty gehoor. Dieselfde toonhoogtes en ritme word gebruik. Daar is egter twee redes waarom hierdie figuur as 'n permutasie beskryf kan word en nie bloot as 'n herstelling nie: registerverplasing, sowel as die ritmiese verkorting van die laaste noot.

Voorbeeld 29: maat 43, fluit

Musical notation for Example 29, measure 43, flute. The notation is in treble clef with a 4/4 time signature. It shows a melodic line with a sharp sign on the second measure and accents on the first and third measures.


Die ooreenkoms met die oorspronklike toonhoogtes is weereens opvallend in die permutasie van hierdie kiemsel op die eerste pols in die regterhand van die klavierparty (maat 45). In hierdie wysiging word die tweede noot herhaal in plaas van die derde.

Voorbeeld 30: maat 45, klavier



Tussen mate 47 en 54 speel hierdie permutasies 'n belangrike rol in die fluit-, trompet-, marimba- en klavierparty. Wysigings van interval en melodiese kontoer word aangewend. Die beweeglikheid van die viernootfigure staan in kontras met die meer statiese permutasies van kiemsel C in die strykers (mate 52 tot 54).

Voorbeeld 31a: mate 49 tot 52, fluit, trompet en marimba



Voorbeeld 31b: mate 52 tot 54, strykers



Tussen mate 65 en 69 is daar twee permutasies van kiemsel D in die klavierparty waarneembaar. Intervalwysiging en die gebruik van herhaaltone word as wysigingstegnieke aangewend. Die abruptheid van die oorspronklike stelling is steeds teenwoordig.

Voorbeeld 32a: maat 67, klavier



Voorbeeld 32b: maat 69, klavier



'n Geïsoleerde voorbeeld van 'n permutasie van hierdie kiemsel kom in maat 76 in die marimbaparty voor. Kontouer- sowel as intervalwysiging vind plaas.

Voorbeeld 33: maat 76, marimba



2.2.5 Kiemsel E

Die vyfde kiemsel word in maat 37 in die marimba bekend gestel. Hierdie kiemsel is uit 'n melodiese oogpunt nie besonder nie, as gevolg van die feit dat dit uit die laaste twee tone van die eerste kiemsel bestaan. Dit word egter deurgaans later in die werk op ritmiese vlak ontgin, en moet as gevolg daarvan as volwaardige kiemsel gereken word. Hierdie is die mees bondige van die vyf kiemselle.

Voorbeeld 34: maat 37, marimba



Die eerste permutasies vind in mate 38 en 39 in die marimba plaas. In maat 38 word dieselfde toonhoogtes behou, maar ritmiese verkleining en nootherhaling word toegepas. In maat 39 word die patroon na 6 note uitgebrei. Die oorspronklike toonhoogtes is steeds teenwoordig en word met 'n C as tussenganger afgewissel. In die eerste van hierdie permutasies is daar ook 'n sterk ritmiese ooreenkoms met kiemsel D. Hierdie permutasie is egter duidelik waarneembaar as 'n afleiding van kiemsel E as gevolg van die feit dat dit direk op die eerste stelling van die kiemsel volg.

Voorbeeld 35: mate 38 tot 39, marimba




'n Variant van hierdie kiemsel kom in mate 42 en 43 in die trompetparty voor. Die aanwending van jambiese ritmiek is hier opvallend.

Voorbeeld 36: mate 42 en 43, trompet



Vanaf maat 45 tot 51 tree kiemsel E op die voorgrond as die mees sigbare rolspeeler. Die gebruik van die jambiese ritmiek is die belangrikste bydraende faktor tot hierdie sigbaarheid.

Voorbeeld 37: mate 48 tot 50, viole



In mate 46 en 51 word permutasies aangetref wat nie op die jambiese ritme gebaseer is nie. In hierdie gevalle word daar gebruik gemaak van omkering, intervalvergroting en die uitbreiding van die oorspronklike tweekootfiguur na 3 note (maat 46: fluit, trompet en marimba), en 5 note (maat 51: strykers).

Voorbeeld 38a: maat 46, fluit, trompet en marimba



Voorbeeld 38b: maat 51, viole



Vanaf maat 52 tot 73 word daar steeds in bykans elke maat 'n variant van kiemsel E aangetref. Die jambiese figuur speel weer 'n belangrike rol, sowel as omkering en intervalwysiging. Ter wille van bondigheid sal slegs enkele voorbeelde hiervan geïllustreer word.

Voorbeeld 39a: maat 54, fluit, trompet en marimba



Musical score for Example 39a, measures 54. The score is in 3/4 time and features three staves: flute, trumpet, and marimba. The flute part starts with a dynamic marking of *f*. The trumpet part is silent in the first measure and enters in the second measure. The marimba part plays a rhythmic pattern throughout.

Voorbeeld 39b: maat 59, klavier (linkerhand)



Musical score for Example 39b, measure 59. The score is in 3/4 time and features two staves: piano left hand. The piano part is marked *mf* and includes a tenuto mark (*ten*) over the first measure. The bass line consists of chords and single notes.

Voorbeeld 39c: maat 66, tweede viole en tjello's



Musical score for Example 39c, measure 66. The score is in 3/4 time and features two staves: second violin and cello. Both parts are marked *p* and play a rhythmic pattern of eighth notes.

Permutasies wat nie op die jambiese ritmiek gebaseer is nie, sluit die volgende in:

Voorbeeld 40a: maat 52, altviole



Voorbeeld 40b: maat 58, viole en altviole

Three staves of music in 18/8 time. The top two staves are for violin and viola, and the bottom staff is for cello/contrabass. The notes are: quarter note G4, quarter note A4, quarter note B4, quarter note C5, quarter note B4, quarter note A4, quarter note G4. There is a square accent above the first note and a 'v' above the second note. The dynamic marking 'mf' is placed below the first note of each staff.

Die jambiese figure in die klavierparty (mate 78 en 84) kan ook na kiemsel E herlei word. Die oorspronklike interval van 'n mineursekunde word in albei gevalle aansienlik uitgebrei.

Voorbeeld 41a: maat 78, klavier

Two staves of music in 2/4 time. The top staff is for the right hand and the bottom staff is for the left hand. The notes are: quarter note G4, quarter note A4, quarter note B4, quarter note C5, quarter note B4, quarter note A4, quarter note G4. There is a square accent above the first note and a 'v' above the second note. The dynamic marking 'mf' is placed below the first note of each staff.

Voorbeeld 41b: maat 84, klavier




Soortgelyke figure met intervalwysiging kom weer in mate 95 en 96 in die klavierparty voor.

Voorbeeld 42: mate 95 en 96, klavier



Drie variante van kiemsel E is in mate 102 tot 105 in die klavierparty te vinde. Die eerste variant word in die regterhand as groepe herhaalde dubbeltertse aangebied (mate 102 en 103). In die tweede variant (mate 102 en 103, laaste twee note in die linkerhand) word die oorspronklike interval van 'n mineursekunde tot 'n tritonus uitgebrei.

Voorbeeld 43a: mate 102 en 103, klavier



In die derde variant (mate 104 en 105) word die oorspronklike interval in die boonste stem behou, maar ritmiese verkleining word toegepas. Die kort-lank patroon van die tweede van die stellings van hierdie variant herinner weer aan die jambiese patroon.

Voorbeeld 43b: mate 104 en 105, klavier



Die marimba het in maat 109 'n permutasie van hierdie kiemsel. Die eerste noot is verkort tot 'n sestiende, en die enkelnoot en dubbelnoot ruil posisies (vergelyk met voorbeeld 34).


Voorbeeld 44: maat 109, marimba



2.3 Ritmiek

Die ritmiese aard van die inleiding (mate 1 tot 12) kan as vry en improvisatories beskryf word. Hierdie twaalf mate is hoofsaaklik in 6/8-tyd, en die tradisionele groeperings word meestal behou. 'n Gevoel van sinkopasie word verkry deur die plasing van dinamiese aanduidings, oorgebinde note en aksente.

Voorbeeld 45: mate 1 tot 6, fluit en trompet



The musical score for measures 1 to 6 of the flute and trumpet parts is shown. The flute part (top staff) begins with a half note G4, followed by quarter notes A4, B4, and C5. The trumpet part (bottom staff) begins with a half note G3, followed by quarter notes A3, B3, and C4. Dynamics include p, mf, f, and pp. The flute part has a 'Straight mute' instruction.

Seksie A1 (mate 13 tot 20) word ingelei deur die fluit met 'n energieke vyfnootpatroon wat deur Grové beskryf word as 'n "ostinaat van toonhoogtes" (Grové, S.: 3 Augustus 2007). Hierdie 5/8-patroon word voortgesit en gevarieer tot aan die einde van die seksie in maat 20. Die 5/8-metrum word onderskeidelik in groeperings van 2+3 en 3+2 aangebied. Die begeleiding deur die hoë strykers is ritmies en akkoordmatig.


Voorbeeld 46: mate 13 tot 16, fluit, viole en altviole

In seksie A2 (mate 21 tot 25) tree die klavier vir die eerste keer in. Die ritmiese aard van A1 word in die lae register voortgesit. Kontras met A1 word verkry deur die aanwending van sestiendenote in maat 22 en 25, asook die teenwoordigheid van mate in 7/8-tyd (maat 24) en 3/4-tyd (maat 25).

Voorbeeld 47: mate 21 tot 25, klavier

Seksie B1 (mate 26 tot 28) bestaan uit drie mate in 9/8-tyd. Die glissandi in die altviole, tjello's en kontrabasse en die lang oorgebinde noot het 'n meer statiese ritmiese karakter as dié van seksie A tot gevolg.

Voorbeeld 48: mate 26 tot 28, altviole, tjello's en kontrabasse



The musical score for Example 48 consists of three staves: alto viola (top), cellos (middle), and double basses (bottom). The key signature has one flat (B-flat), and the time signature is 9/8. The music is marked with dynamics *f* (forte) and *sf* (sforzando). Each staff begins with a *gliss* (glissando) marking. The alto viola part features a melodic line with slurs and accents. The cellos and double basses provide a rhythmic accompaniment with chords and moving lines.

Seksie B2 (mate 29 tot 32) word ingelei deur die intrede van die marimba. Die hoë strykers hervat die ritmiese, akkoordmatige begeleiding van seksie A1. In hierdie seksie is daar 'n kontras tussen die onreëlmatige groeperings van die eerste twee mate (3+2+3 en 3+2+2 onderskeidelik) en die laaste twee mate (2+2+2+2 in beide gevalle). Sinkopasie is egter steeds in die laaste twee mate aanwesig as gevolg van die oorgebinde note (maat 31 en 32) en aksente op die tweede en vierde polse (maat 32)

Voorbeeld 49: mate 29 tot 32, marimba, viole en altviole



The musical score for Example 49 consists of four staves: marimba (top), two violas (middle), and alto viola (bottom). The key signature has one flat (B-flat), and the time signature is 9/8. The marimba part is marked with *f* (forte) and features a complex rhythmic pattern with slurs and accents. The two violas and the alto viola provide a harmonic accompaniment with chords and moving lines, marked with *mf* (mezzo-forte).

Die terugblik na A2 (mate 33 tot 38) open met 'n gewysigde stelling van die eerste klavierintrede. In hierdie terugblik is die stelling meer energiek as die oorspronklike as gevolg van die beweeglikheid in mate 34 en 36. In laasgenoemde mate word die onreëlmatige groeperings met behulp van aksente uitgelig. Mate 33, 35, 37 en 38 word deur die gebruik van drie herhaalde agtstenote gekenmerk. Hierdie mate staan in kontras met mate 34 en 36 as gevolg van die meer statiese karakter wat openbaar word.

Voorbeeld 50: mate 33 tot 36, klavier



In die volgende seksie (terugblik na A1, mate 39 tot 44) word kontras met die oorspronklike stelling bewerkstellig deur die gebruik van 'n meer heterogene ritmiek. Maat 40 en 41 dien as ruspunt as gevolg van die afwesigheid van sestiendenootture. Die jambiese patroon, wat 'n belangrike rol in al Grové se Afrika-werke speel, word vir die eerste keer in mate 42 en 43 gehoor (fluit en trompet).

Voorbeeld 51: mate 40 tot 43, fluit, trompet, marimba en klavier



In seksie C (mate 45 tot 51) word die gebruik van die jambiese patroon die mees oorheersende ritmiese kenmerk. Hiërdie seksie is meer energiek van karakter as die voorafgaande as gevolg van die aanwesigheid van sestiendenootpatrone in elke maat. Die 3+2-verdelings van die vorige subafdelings maak nou plek vir meer tradisionele groeperings.

Voorbeeld 52: mate 45 tot 47, fluit, trompet en marimba




Die figuur van drie herhaalde kwartnote verskyn vir die eerste keer in seksie D (mate 52 tot 73). Hierdie figuur kan as 'n hoofkenmerk van hierdie seksie beskryf word, en verskaf teenstelling met die ritmiese onreëlmatighede van die vorige seksie. Die minder beweeglike aard van hierdie patroon veroorsaak dat die mate waarin dit voorkom deur die luisteraar as ruspunte ervaar word.

Voorbeeld 53: mate 52 tot 54, strykers



Ritmiese verkleining van hierdie figuur na sestiennotenote is 'n sekondêre kenmerk van die seksie.

Voorbeeld 54: mate 64 tot 65, fluit en trompet




Die jambiese patroon speel steeds deurgaans 'n belangrike rol.

Voorbeeld 55a: maat 54, fluit en marimba



Musical notation for Example 55a, showing two staves in 3/4 time. The top staff (flute) features a melodic line with eighth notes and slurs, starting on a G4. The bottom staff (marimba) features a rhythmic pattern of eighth notes, starting on a G3. A dynamic marking *f* is present at the beginning of the marimba staff.


Voorbeeld 55b: maat 66, tweede viole, altviole en tjello's



Musical notation for Example 55b, showing three staves in 3/4 time. The top staff (second violin) features a melodic line with eighth notes and slurs, starting on a B3. The middle staff (viola) features a rhythmic pattern of eighth notes, starting on a B2. The bottom staff (cello) features a rhythmic pattern of eighth notes, starting on a B1. Dynamic markings *p* are present at the beginning of each staff.


In die deurwerking (mate 73 tot 105) word kombinasies van die ritmiese hoofkenmerke van die vorige seksies aangetref. Die "beweeglikheidsfiguur" wat dien as skakel tussen die terugblik na A1 en seksie C speel nou 'n volwaardige rol.

Voorbeeld 56a: mate 73 tot 76, klavier ("beweeglikheidsfiguur" en permutasie van drie herhaalde kwartnote van seksie D)



8^{vb}

Voorbeeld 56b: maat 84, klavier (jambiese ritmiek van seksie C en permutasie van drie herhaalde kwartnote van seksie D)



Die beginsel van kontras tussen ruspunkte en meer beweeglike mate (soos aangetref in die terugblik na A1 sowel as D) word in die deurwerking ontwikkel.


Voorbeeld 57: mate 85 tot 88, marimba en klavier



The musical score for measures 85-88 consists of two systems. The top system is for the marimba, written in 10/16 time with a key signature of one flat (B-flat). It is marked 'lontano'. The first measure (85) starts with a piano (*pp*) dynamic and features a rhythmic pattern of eighth notes. The second measure (86) has a forte (*f*) dynamic and contains a whole note rest. The third measure (87) has a piano (*p*) dynamic and returns to the eighth-note pattern. The fourth measure (88) also has a piano (*p*) dynamic and continues the pattern. The bottom system is for the piano, also in 10/16 time. It begins with a fortissimo (*ff*) dynamic, playing chords in the first two measures. In the third measure, the dynamic changes to sforzando (*sf*), and the piano part plays a melodic line with accents.

Die koda (mate 106 tot 129) word deur misterieuse sestiendenootfigurasies in die klavierparty ingelei. Hierdie is tot dusver die langste ononderbroke sestiendenootpassasie in die eerste deel. Dit is opvallend dat 'n 3+2-groepering regdeur hierdie passasie gehandhaaf word.


Voorbeeld 58: mate 106 tot 108, klavier



The musical score for measures 106-108 is for the piano, written in 10/16 time with a key signature of one flat. It is marked piano (*p*). The score shows a continuous melodic line across three measures, characterized by a consistent 3+2 rhythmic grouping. The notes are beamed together in groups of three and two, creating a steady, flowing pattern.

Hierdie homogene groepeerings word in mate 109 tot 111 onderbreek voordat dit weer in mate 112 en 113 deur die fluit hervat word. Hierdie drie mate kan as 'n ruspunt bestempel word as gevolg van die skielike afwesigheid van deurlopende sestiendenootfigurasies.

Voorbeeld 59: mate 109 tot 111, klavier




Maat 114 is die aanvang van veertien opeenvolgende mate in 8/16. Die agtergrond vir die motoriese voortstuwing wat die eerste deel afsluit, word dus vanaf maat 114 daargestel.

Voorbeeld 60: mate 114 tot 117, fluit, trompet, marimba en klavier



Vanaf maat 119 tot 120 word die ritmiese verloop geleidelik meer energiek as gevolg van die sestiendenootfigure in die trompet- en marimbapartye. Die rustekens op die laaste sestiendes van mate 119 en 120 skep 'n effek van afwagting voordat die finale opbou na die klimaks in maat 121 begin. Hierdie twee mate (119 en 120) dien as skakel tussen die meer statiese deel wat hom voorafgaan (maat 114 tot 118) en die meer beweeglike deel wat volg (maat 121 tot 129).

Voorbeeld 61: mate 119 en 120, trompet en marimba



Vanaf maat 121 tot aan die einde van die deel word 'n konstante vloei van sestiendenote gehandhaaf. Die feit dat vyf opeenvolgende mate op dieselfde manier onderverdeel word (3+2+3), veroorsaak ritmiese voortstuwung wat die opbou na die klimaks bewerkstellig. Die klavierparty is in mate 124 en 125 'n voortsetting van die voorafgaande drie mate in die fluit-, trompet- en marimbapartye.

Voorbeeld 62: mate 122 tot 125, fluit, trompet, marimba en klavier



The musical score consists of five staves. The top three staves are for flute, trumpet, and marimba, all in 8/16 time. Each of these staves begins with a *cresc* marking. The piano part is on the bottom two staves, starting with a *p cresc* marking. The piano part includes a *Ped.* (pedal) marking under the first two measures. In measure 125, the piano part features a *f* (forte) dynamic and a *sf* (sforzando) marking. The score concludes with a *ff* (fortissimo) dynamic and a *v* (accent) marking.

In maat 126 neem die fluit, trompet en marimba weer oor as bewerkstellers van ritmiese impetus. Die onreëlmatige groeperings word tot aan die einde van die eerste deel behou.

Voorbeeld 63: mate 126 tot 129, tutti



The musical score consists of ten staves. The first three staves are for the upper strings (Violins I, Violins II, and Violas). The next two staves are for the lower strings (Cellos and Double Basses). The final five staves are for woodwinds (Flutes, Oboes, Clarinets, Bassoons, and Contrabassoons). The score is in 8/16 time and features a key signature of one sharp (F#). The tempo and dynamics are marked 'tutti' and 'ff' (fortissimo). The score includes various musical notations such as slurs, accents, and dynamic markings. A first ending bracket is present in the first staff, marked '8va'. The piece concludes with a double bar line and repeat dots.

2.4 Melodiek

Alhoewel die fluit en trompet op 'n ritmiese vlak soortgelyke materiaal in die inleiding (mate 1 tot 12) speel, kontrasteer die melodiese inhoud van die twee instrumente ooglopend. Die omvang van die fluitintrede is binne die interval van 'n mineurterts gebonde, en die aanwesigheid van 'n mineursekunde is te bespeur. Die melodie keer telkens terug na E as spilnoot, en het 'n afwaartse neiging.

Voorbeeld 64: mate 1 en 2, fluit



Die omvang van die trompetopening is heelwat breër (dit strek oor 'n majeurekst), en bevat die intervalle van 'n rein kwart, mineurterts, rein kwint en majeurekunde. Die mineurterts speel in Grové se komposisies 'n belangrike rol, en dien in hierdie voorbeeld as enigste horisontale interval wat in beide die fluit- en trompetpartye voorkom. Die melodie neig opwaarts en keer telkens terug na die C-kruis, totdat dit in maat 6 na 'n D-kruis beweeg.

Voorbeeld 65: mate 1 tot 6, fluit en trompet

Dit is interessant om op te let dat die vertikale intervale tussen die twee partye beperk is tot die mineur- en majeuresekunde, mineurterts en rein kwart. Die enigste horisontale interval wat dus nie vertikaal verteenwoordig word nie, is die rein kwint. Die horisontale interval wat hier die sterkste beklemtoon word, is die mineurterts.

Vanaf mate 8 tot 11 word die fluit- en trompetparty omgeruil. Horisontale intervalsamestellings bly dus identies.


Voorbeeld 66: mate 8 tot 11, fluit en trompet



The image shows a musical score for two staves, flute and trumpet, in 6/8 time. The key signature has one sharp (F#). The flute part (top staff) consists of eighth notes with a melodic contour that descends and then rises. The trumpet part (bottom staff) consists of eighth notes with a similar contour. Dynamics are indicated with slurs and wedge-shaped markings: *p* (piano), *mf* (mezzo-forte), *f* (forte), and *pp* (pianissimo).

In seksie A1 lê die melodiese interesse weereens by die fluit. Die primêre melodiese kenmerke is die opeenvolgende gebruik van rein kwarte, die dalende kontoer, herhaaltone en pentatoniese kleur (C-D-F-G-A). Mineurtertse en majeuresekundes is ook teenwoordig.

Voorbeeld 67: mate 13 tot 17, fluit



The image shows a musical score for a single staff, flute, in 3/8 time. The key signature has one sharp (F#). The melody consists of eighth notes with a descending contour. Dynamics are indicated with slurs and wedge-shaped markings: *f* (forte) and *simile* (simile).


Die intrede van die klavier (seksie A2) word deur die gebruik van herhaaltone, sowel as 'n dalende kontoer gekenmerk. Geen nuwe intervale is teenwoordig nie: die melodie bestaan uit majeuresekundes en mineurtertse en is binne die interval van 'n rein kwint gebonde.

Voorbeeld 68: mate 21 tot 24, klavier



In seksie B1 (mate 26 tot 28) tree die herhaaltone weereens op die voorgrond. Die intervalafstande tussen die eerste twee note in mate 26 en 27 word deur die glissandi verdoesel, en is dus nie van onmiddellike melodiese belang nie.

Voorbeeld 69: mate 26 tot 28, altviole, tjello's en kontrabasse



Die intrede van die marimba in seksie B2 word deur 'n soortgelyke intervalsamestelling as dié van die fluitintrede in maat 13 gekenmerk. Die eerste horisontale interval is die rein kwart, gevolg deur 'n mineurterts en 'n majeuresekunde. Vorige kenmerkende melodiese elemente wat verder ontgin word, sluit herhaaltone en 'n dalende kontoer in.

Voorbeeld 70: mate 29 tot 32, marimba



In die terugblik na A2 (mate 33 tot 38) is die fokus hoofsaaklik ritmies. Dit is wel interessant dat die interval van 'n tritonus vir die eerste keer in die eerste deel op die voorgrond tree; beide vertikaal (mate 33 en 35) en horisontaal (maat 36, tweede pols).

Voorbeeld 71: mate 33 tot 36, klavier


Die klavierintrede in maat 39 (terugblik na A1) word deur die prominensie van rein kwarte in die regterhandparty gekenmerk. Die mineursekundes en -tertse is steeds van melodiese belang, en die kontoer is weereens oorwegend dalend.

Voorbeeld 72: mate 39 tot 41, klavier




In mate 42 en 43 kom die interval van 'n mineursekst vir die eerste keer prominent in die fluitparty te voorskyn. Hierdie interval word in mate 44 en 45 deur die klavier beaam. Later sal daar gesien word hoe gereeld hierdie interval (veral in vertikale strukture) deur Grové gebruik word.

Voorbeeld 73a: mate 42 en 43, fluit



Voorbeeld 73b: mate 44 en 45, klavier



In die C-seksie (mate 45 tot 51) word die melodiese intervalsemestellings oorheers deur die gebruik van die mineurtert (enharmoniese spellings ingesluit). Die gefragmenteerde ritmiese aard van seksie C veroorsaak dat melodie in hierdie seksie op die agtergrond tree.

Voorbeeld 74: mate 45 tot 47, fluit, trompet en marimba



The musical score for Example 74 consists of three staves. The top staff is for the flute, the middle for the trumpet, and the bottom for the marimba. The music is in 4/4 time, with a key signature of one sharp (F#). The first two measures are in 4/4 time, and the third measure is in 3/4 time. Dynamics include *f* (forte) and *mf* (mezzo-forte). The marimba part features a complex rhythmic pattern with many beamed notes.

Die gebruik van herhaaltone is die mees kenmerkende melodiese eienskap van die D-seksie (mate 52 tot 73).

Voorbeeld 75: mate 52 tot 54, strykers



The musical score for Example 75 consists of five staves, representing different string parts. The music is in 3/4 time, with a key signature of one flat (Bb). The first two measures are in 3/4 time, and the third measure is in 4/4 time. Dynamics include *p* (piano) and *mf* (mezzo-forte). The score shows various rhythmic patterns and articulation marks like accents and slurs.

Die kwartakkoorde in die regterhand van die klavierparty (maat 55 en 59) is besonder opvallend, en die mineurtertse en mineur- en majeuresekundes (sowel as hulle omkerings) domineer steeds in die intervallsamestelling van die horisontale figure

Voorbeeld 76: mate 57 tot 59, klavier




In die deurwerking (mate 73 tot 105) is die materiaal weereens ritmies gefragmenteer, en die mees opvallende en uitgebreide melodiese passasies kom in die marimba- en klavierpartye voor. Die marimba-passasies in mate 85, 88, 90 en 91 is op die pentatoniese toonleer (Ab-Bb-Db-Eb-F) gebaseer, en is dalend in kontoer.

Voorbeeld 77: mate 90 en 91, marimba



Die intervallsamestelling in die melodiese passasies van die klavier is steeds op sekundes, mineurtertse, rein kwarte en hul omkerings gebaseer.

Voorbeeld 78: mate 90 en 91, klavier



In die koda is die melodiese materiaal meer uitgebreid as in die C- en D-seksies en die deurwerking. 'n Nuwe kleur word in die klavier verkry deur die aanwending van majeuretertse (ook in enharmoniese spellings) en tritonusse. Mineurtertse is egter steeds teenwoordig.

Voorbeeld 79: mate 106 tot 108, klavier




In mate 121 tot 123 (fluit, trompet en marimba) word die horisontale intervalsamestellings steeds deur mineurtertse, rein kwarte en majeuresekundes oorheers. 'n Belangrike toevoeging is die tritonus wat in mate 106 tot 108 sy verskyning in die klavier gemaak het.

Voorbeeld 80: mate 121 tot 123, fluit, trompet en marimba



Laasgenoemde intervalsamestellings is teenwoordig tot die einde van deel 1, met die opvallende toevoeging van die rein kwint in maat 128.


Voorbeeld 81: maat 128, fluit, trompet en marimba.



2.5 Toonkleur en tekstuur

'n Deursigtige tekstuur word in die inleiding (mate 1 tot 12) gehandhaaf as gevolg van die deurgaanse tweestemmigheid. Die noukeurige aanwending van dinamiese aanduidings is kenmerkend van Grové se komposisiestyl, en is in hierdie 12 mate opvallend.


Voorbeeld 82: mate 1 tot 6, fluit en trompet



Musical score for Example 82, measures 1 to 6, featuring flute and trumpet parts. The flute part is marked "Straight notes" and the trumpet part is marked "Straight notes". Dynamics include *p*, *mf*, *f*, and *mf*.

Dieselfde deursigtigheid word tot 'n mate in seksie A1 behou, en die intrede van die strykers stel 'n nuwe toonkleur aan die luisteraar bekend. Die begeleidende akkoorde van die strykers het 'n homofoniese tekstuur tot gevolg.


Voorbeeld 83: mate 13 tot 16, fluit, viole en altviole




Musical score for Example 83, measures 13 to 16, featuring flute, violin, and viola parts. The flute part is marked *f* and the violin/viola parts are marked *mf*. The word *simile* is written above the violin part.

Met die intrede van die klavier in seksie A2 word kontras met die vorige subafdeling verkry deur middel van lae registerplasing. Die versieringsnote in mate 21 en 23 verleen 'n nuwe klankkleur, en dien terselfertyd as 'n voorbereiding vir die glissandi in die strykers (seksie B1, mate 26 tot 29).

Voorbeeld 84a: mate 21 tot 24, klavier



Voorbeeld 84b: mate 26 tot 28, strykers



Die eerste intrede van die marimba in seksie B2 is ten opsigte van tekstuur 'n terugblik na seksie A1 (sien voorbeeld 83). Die nuwe klankkleur van die marimba word bekend gestel, en die strykers keer terug na die akkoordmatige begeleiding wat die eerste intrede van die fluit vergesel het.

Voorbeeld 85: mate 29 en 30, marimba, viole en altviole



The musical score consists of four staves. The top staff is for marimba, marked with a forte (*f*) dynamic. The second and third staves are for violin and viola, both marked with a mezzo-forte (*mf*) dynamic. The bottom staff is for the double bass, also marked with a mezzo-forte (*mf*) dynamic. The score is divided into two measures, 29 and 30. Measure 29 features a marimba line with eighth notes and a quarter note, followed by a rest. The violin and viola play a melodic line with a sharp sign, and the double bass provides a harmonic accompaniment. Measure 30 continues the marimba line with eighth notes and a quarter note, followed by a rest. The violin and viola play a melodic line with a sharp sign, and the double bass provides a harmonic accompaniment.

In die terugblik na A2 is dieselfde lae registerplasing en versieringsnote teenwoordig, maar 'n digter tekstuur word deur die aanwending van dubbelnote en fortissimo-sestiendenootfigure bewerkstellig.

Voorbeeld 86: mate 33 tot 35, klavier



The musical score is for piano and consists of three measures, 33, 34, and 35. The time signature is 4/8. Measure 33 is marked with a forte (*f*) dynamic and features a piano line with eighth notes and a quarter note, followed by a rest. Measure 34 is marked with a fortissimo (*ff*) dynamic and features a piano line with eighth notes and a quarter note, followed by a rest. Measure 35 is marked with a forte (*f*) dynamic and features a piano line with eighth notes and a quarter note, followed by a rest. The score is divided into three measures, 33, 34, and 35.

In die terugblik na A1 (mate 39 tot 44) speel die marimba, klavier en strykers vir die eerste keer in die werk gelyktydig (sien voorbeeld 87a). 'n Kenmerkende kleuraspek van Grové se werk kom ook vir die eerste keer na vore: die teenstelling tussen legato en staccato in verskillende instrumente (sien voorbeeld 87b). Vir die eerste keer in hierdie deel is dit opvallend dat die fluit, trompet en marimba as 'n kerngroep funksioneer - 'n kenmerk wat deur die loop van die eerste deel onveranderd bly (sien voorbeeld 87c).

Voorbeeld 87a: maat 39, marimba, klavier en strykers



The image shows a musical score for measures 39 to 44. It consists of seven staves. The top staff is in bass clef with a 9/8 time signature. The second and third staves are in treble clef and are bracketed together as piano accompaniment. The bottom four staves are in treble and bass clefs and are bracketed together as string accompaniment. The score shows a mix of legato and staccato textures across the instruments.

Voorbeeld 87b: mate 40 en 41, fluit, trompet en klavier



Musical score for Example 87b, measures 40 and 41. The score is written for flute, trumpet, and piano. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 3/8. The flute part features a melodic line with slurs and accents, starting with a forte (*f*) dynamic. The trumpet part has a similar melodic line with slurs and accents, also starting with a forte (*f*) dynamic. The piano accompaniment consists of a steady eighth-note bass line in the left hand and a more complex rhythmic pattern in the right hand, including slurs and accents.

Voorbeeld 87c: mate 42 en 43, fluit, trompet en marimba



Musical score for Example 87c, measures 42 and 43. The score is written for flute, trumpet, and marimba. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 3/8. The flute part features a melodic line with slurs and accents, starting with a forte (*f*) dynamic. The trumpet part has a similar melodic line with slurs and accents, also starting with a forte (*f*) dynamic. The marimba accompaniment consists of a steady eighth-note bass line in the left hand and a more complex rhythmic pattern in the right hand, including slurs and accents.

Die dialoog tussen die instrumentegroepe word in seksie C (mate 45 tot 51) as hoofkenmerk aangetref. Kort figuraties word in hierdie afdeling dikwels kort na mekaar in verskillende instrumentegroepe gehoor.

Voorbeeld 88: mate 50 en 51, tutti



Hierdie dialoogvoering word deurgevoer en ontwikkel in die D-seksie. Die gefragmenteerde dialoë van die vorige seksie word nou in teenstelling met meer reëlmatige nootgroepe aangebied. Die tekstuur is steeds digter as in die vorige seksies as gevolg van die feit dat al die instrumente aktief aan die dialoog meewerk.


Voorbeeld 89: mate 56 tot 59, klavier en strykers



The musical score consists of two systems. The first system shows the piano and string parts. The piano part has a treble and bass clef. The bass clef part has a 9/16 time signature and a *sf* dynamic. The treble clef part has a 9/16 time signature and a *mf* dynamic. The second system shows the string parts. The first two staves are for violins, and the last three are for violas, cellos, and double basses. The first two staves have a 3/4 time signature and a *p* dynamic. The last three staves have a 3/4 time signature and a *mf* dynamic. The score includes various time signatures (3/4, 9/16, 10/16) and dynamics (*p*, *mf*, *sf*).

In die deurwerking (mate 73 tot 105) word teksturele eienskappe van die vorige seksies aangetref. Vir die eerste keer in die werk word die klavier (met pedaal) in 'n uitgebreide passasie in die hoë register gehoor. In hoofstuk vyf sal dit duidelik word dat hierdie aanwending van die pedaal kenmerkend is van Grové se komposisietegniek. Die begeleidende flageolette in die hoë strykers dien as komplement tot hierdie spesifieke toonkleur.

Voorbeeld 90: mate 90 en 91, klavier, viole en altviole



The musical score for Example 90, measures 90 and 91, is written in 10/16 time. It consists of five staves: two for piano (pp), one for violin (Vcl.), one for viola (Vla.), and one for double bass (DB). The piano part features a complex texture with many beamed sixteenth notes. The violin and viola parts play a melodic line with slurs. The double bass part has a few notes, including a half note chord in measure 91. Dynamics include *pp*, *p*, and *mf*. A *Ped.* (pedal) marking is present in the piano part, and an upward-pointing arrow is at the end of the piano part in measure 91.

Die koda (mate 106 tot 129) word gekenmerk deur 'n geleidelik toenemende digtheid van tekstuur wat 'n klimaks in die laaste vier mate bereik.

Voorbeeld 91a: mate 106 tot 108, klavier



The musical score for Example 91a, measures 106 to 108, is written in 10/16 time. It consists of two staves: piano (p) and double bass (DB). Both parts feature a complex texture with many beamed sixteenth notes. The piano part starts with a *p* dynamic. The double bass part has a few notes, including a half note chord in measure 108.

Voorbeeld 91b: mate 115 tot 117, tutti

The musical score is written in 8/16 time and consists of five systems of staves. The first system contains four staves: two treble clefs, one bass clef, and one grand staff. The second system contains two staves: one treble and one bass clef. The third system contains four staves: two treble clefs, one bass clef, and one grand staff. The fourth system contains five staves: two treble clefs, two bass clefs, and one grand staff. The score includes various musical notations such as notes, rests, dynamics (f), and articulation marks (v). The word "div" is present above the first staff of the fourth system.

Voorbeeld 91c: mate 126 tot 129, tutti

The musical score for Example 91c, measures 126 to 129, tutti, is presented in ten staves. The first three staves are for three voices (Soprano, Alto, Tenor). The next four staves are for a piano (right and left hand). The last three staves are for three more voices (Soprano, Alto, Tenor). The score is in 8/16 time, with a key signature of one sharp (F#). The tempo is 'tutti'. The score includes dynamic markings 'ff' and 'ten' (tutti). The score is divided into four measures: measure 126 (8/16), measure 127 (8/16), measure 128 (10/16), and measure 129 (3/16). The score includes various musical notations such as notes, rests, slurs, and articulation marks.

3. TWEEDE DEEL: *ANDANTE CON MOTO*

3.1 Struktuur

Die makrostruktuur van die tweede deel kan, soos dié van die eerste deel, as deurgekomponeerd beskryf word. 'n Inleiding, gevolg deur twee afsonderlike seksies, is hier teenwoordig.

Tabel 2:

Verdeling	Maatnommers
Inleiding	1-15
Seksie A	16-51
Seksie B	52-70

Soos in hoofstuk 2 sal die hoofkenmerke van hierdie seksies in die volgende subhoofstukke bespreek word.

3.2 Kiemselpermutasies

Die meerderheid van die musikale inhoud van hierdie deel is steeds afleibaar van die kiemselle wat in die eerste deel bekend gestel is. Ten opsigte van permutasie is daar egter 'n ooglopende kontras tussen hierdie deel en die eerste: in die tweede deel word eienskappe van twee of meer kiemselle gereeld in dieselfde melodiese eenhede gepermuteer. As gevolg hiervan sal die permutasies in hierdie deel in die volgorde waarin hulle voorkom, bespreek word.

In die inleiding vind die eerste voorbeelde van kiemselpermutasie in die marimbaparty plaas. Kiemsel B word deur middel van interval- en ritmiese vergroting gewysig.


Voorbeeld 92: mate 1 en 2, marimba



Die materiaal in die fluit- en trompetpartye is bykans onveranderd van die inleiding tot die eerste deel afkomstig, en kan streng gesproke nie as permutasies beskryf word nie.


Die intrede van die klavier in seksie A (mate 16-51) word deur Grové as 'n "klaaglied" beskryf (Grové, S.: 17 Augustus 2007). Hierdie intrede behels 'n viernootmotief wat deur 'n kombinasie van kiemselle C en E verkry is. Ritmiese wysiging word toegepas.

Voorbeeld 93: mate 16 tot 18, klavier



Hierdie klaaglied-motief word voortgesit, en verder deur middel van intervalvergroting gewysig. Die mineurterts wat in die regterhand ontstaan, kan as 'n verwysing na die mineurterts van kiemsel A beskou word.

Voorbeeld 94: mate 24 en 25, klavier




In mate 31 en 33 word kombinasies van kenmerke van kiemselle B en E in die marimbaparty aangetref: die dalende melodiese kontoer (met intervalwysiging) van kiemsel B, en die ritmies verkleinde en intervallies vergrote verwysing na kiemsel E tussen die tweede en derde note.

Voorbeeld 95: maat 31, marimba



Vanaf maat 29 is permutasies van kiemselle C en E in die klavierparty ooglopend. Die dalende kontoer van kiemsel E word omgekeer (regterhand), en die herhaalnote van kiemsel C word ritmies gewysig (linkerhand).

Voorbeeld 96: mate 29 tot 32, klavier



Die fluit neem die permutasies van kiemsel E in maat 35 oor, met die belangrike toevoeging van die mineurtertse van kiemsel A.

Voorbeeld 97: mate 35 tot 37, fluit



Verdere permutasies van kiemsel E vind tussen mate 41 en 45 in die strykers plaas. Omkering en intervalwysiging word as permutasietegnieke aangewend.

Voorbeeld 98: mate 41 tot 45, strykers

Die meer beweeglike figurasies wat vanaf maat 39 in die fluitparty voorkom, bevat verwysings na kiemsele A en D. Die mineurtertse en -sekundes van kiemsel A is teenwoordig, en kontoeromkering en ritmiese verkleining van kiemsel D vind plaas.

Voorbeeld 99: maat 39, fluit



In maat 46 word die klavierintrede (mate 16 en 17) 'n oktaaf hoër herhaal. Dieselfde verwysings na kiemselle C en E is teenwoordig.

Voorbeeld 100: mate 46 en 47, klavier

Die B-seksie word deur die strykers geopen, en permutasies van kiemsel E tree nou op die voorgrond. Intervalvergroting word as wysigingstegniek aangewend. Die stelling van die strykers (mate 52 en 53) word in maat 54 deur die klavier beantwoord.

Voorbeeld 101: mate 52 tot 54, klavier en strykers



The musical score is arranged in two systems. The first system shows the piano part (treble and bass clefs) and the string section (violin I, violin II, viola, cello, and double bass). The piano part begins with a half note in measure 52, marked *mf*. In measure 53, the piano part has a half note marked *f*. In measure 54, the piano part has a half note marked *f*. The string section enters in measure 53 with a half note marked *f*. In measure 54, the string section has a half note marked *p*. The second system continues the piano part and string section. The piano part has a half note marked *f* in measure 55, a half note marked *p* in measure 56, a half note marked *f* in measure 57, and a half note marked *p* in measure 58. The string section has a half note marked *f* in measure 55, a half note marked *p* in measure 56, a half note marked *f* in measure 57, and a half note marked *p* in measure 58. The score includes dynamic markings *mf*, *f*, and *p*, and a *Ped.* marking in measure 53.

Kiemsel E word tot in maat 60 verder deur die strykers gepermuteer. Die herhaalnote in die klavierparty (mate 55 tot 58) is ritmiese wysigings van kiemsel C, en die fluit en trompet verwys in mate 56 tot 59 terug na kiemsel A.

Voorbeeld 102: mate 55 tot 59, fluit, trompet, klavier en strykers



The musical score is arranged in two systems. The first system (measures 55-59) includes a flute part (top staff), a trumpet part (second staff), a piano part (third and fourth staves), and a string part (bottom staff). The flute and trumpet parts feature melodic lines with dynamic markings: *p*, *mf*, and *pp*. The piano part has a rhythmic accompaniment with dynamics *mf*, *p*, *mp*, and *p*. The string part is marked *mf* and *pp*. The second system (measures 60-64) continues the piano and string parts. The piano part includes dynamics *f*, *p*, *sub*, and *pp*. The string part includes dynamics *f*, *p*, *pp*, *mf*, and *f*, with performance instructions *unis* and *div*. The piano part also includes dynamics *mf*, *f*, *p*, *sub*, and *f*.

In maat 61 vind 'n intervallies-gewysigde verwysing na kiemsel B in die marimbaparty plaas. Tot in maat 65 is die materiaal in die strykers steeds permutasies van kiemsel E. Die kwintoolfigure in die klavierparty (mate 62 en 63) is afkomstig van die permutasies van kiemsel D wat in maat 39 in die fluit gehoor is (sien voorbeeld 99).


Voorbeeld 103a: maat 61, marimba



Voorbeeld 103b: mate 64 en 65, strykers




Voorbeeld 104c: mate 62 en 63, klavier



Vanaf maat 66 tot aan die einde van die deel oorheers permutasies van kiemselle B, C en E in die fluit-, trompet- en marimbapartye. Ritmies-verkleinde, intervallies-vergrote en omgekeerde variante van kiemsel E is in die fluitparty teenwoordig, en die laaste drie note is 'n ritmiese vergroting van kiemsel C. In die trompetparty word kiemsel C ook in vergrote vorm gehoor, en die vergrote, omgekeerde weergawe van kiemsel E eggo dié van die strykers in maat 64 (sien voorbeeld 103b). Die marimba speel intervallies vergrote weergawes van kiemsel B, en deel die permutasie van kiemsel C met die fluit.

Voorbeeld 105: mate 66 tot 70, fluit, trompet en marimba




The musical score for Example 105 consists of three staves: Flute (top), Trumpet (middle), and Marimba (bottom). The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 6/8. The flute part features a melodic line with various dynamics including *f*, *mf*, and *pp*. The trumpet part starts with a 'straight mute' and includes dynamics like *f*, *mf*, and *pp*. The marimba part begins with a *p* dynamic and includes *mf* and *pp* dynamics. The score shows complex rhythmic patterns and dynamic shading across all three instruments.

3.3 Ritmiek

Hierdie deel van die *Concertino* word nie deur die ritmiese kompleksiteit van die eerste deel gekenmerk nie. Die kleinste maatslagenheid is die agtstenoot, en meer tradisionele tydmaattekens (4/8, 6/8, 8/8 en 12/8) word hoofsaaklik ingespan. Enkele mate in 5/8 en 7/8 is egter steeds teenwoordig, en die tradisionele tydmaattekens word hoofsaaklik asimmetries gegroepeer.

In die inleiding (mate 1 tot 15) is ritmiese beweging tot die fluit-, trompet- en marimbapartye beperk. Die ritmiese eienskappe van die fluit- en trompetpartye is identies aan dié van die inleiding van die eerste deel (sien voorbeeld 45). Hierdie 6/8-mate word afgewissel met mate in 8/8 en 12/8 waar die marimba op elke hoofpols speel. Die ritmiese vryheid van hierdie inleiding word tot in maat 15 voortgesit.


Voorbeeld 106: mate 1 tot 6, fluit, trompet en marimba



The musical score for Example 106 consists of three staves: Flute (top), Trumpet (middle), and Marimba (bottom). The piece begins in 6/8 time, then changes to 12/8, and returns to 6/8. The flute and trumpet parts are marked with dynamics *p*, *mf*, and *pp*. The trumpet part includes a 'Harman mute' instruction. The marimba part is marked with *p* and *mf*. The score shows a variety of rhythmic patterns and articulations across the different instruments.

Die belangrikste ritmiese eienskappe van die klavierintrede (maat 16) is die beklemtoonde tweenoetfiguur van sestendes in die regterhand, en die herhaaltone in die linkerhand. Laasgenoemde herhaaltone skep 'n hipnotiese atmosfeer in hierdie seksie. Die gereelde verskuiwings van tydmaattekens is as gevolg van die improvisatoriese aard van die musiek onopvallend vir die luisteraar.

Voorbeeld 107: mate 16 tot 22, klavier



The musical score for Example 107 shows measures 16 to 22 for the piano. The right hand (RH) features a prominent two-note figure on the sixth degree of the scale, which is accented. The left hand (LH) plays a repetitive rhythmic pattern. The score includes dynamic markings such as *mp*, *p*, *mf*, *mp p*, and *pp*. A 'sost.' (sostenuto) marking is present above the right hand in measure 18. The time signature changes from 6/8 to 8/8 and back to 6/8.

Met die intrede van die strykers en marimba (maat 31) word die improvisatoriese aard van die klavierintrede (mate 16 tot 30) voortgesit. Die tweenoetfiguur wat in mate 16 tot 30 'n belangrike rol gespeel het, word uitgebrei en as dialoog tussen die verskillende instrumentegroepe gehoor.


Voorbeeld 108: mate 33 tot 37, fluit, marimba en klavier



The musical score consists of three systems of staves. The top system is for the flute, the middle for the marimba, and the bottom for the piano. The key signature has one flat (B-flat), and the time signature is 6/8. The score includes various dynamics such as *f*, *mf*, and *p*, and features complex rhythmic patterns with many beamed notes. A bracket under the piano part at the bottom indicates a specific rhythmic figure.


Die figuur van twee-en-dertigstenote wat in maat 39 in die fluitparty voorkom, is 'n belangrike toevoeging tot die ritmiese inhoud van hierdie deel (die kleinste onderverdeling was tot dusver die sestiennoten). Hierdie figuur word tot in maat 49 in die fluit-, trompet- en marimbapartye gehoor, en staan in tydelike kontras met die meer statiese figure wat in die klavierparty voorkom.

Voorbeeld 109: mate 46 tot 50, fluit, trompet, marimba en klavier




Met die intrede van die stykers by die aanvang van die B-seksie (mate 52 tot 70) word die gebruik van die jambiese figuur weer die mees opvallende ritmiese kenmerk. Jambiese figure word tot in maat 60 in die klavier en strykers gehoor.

Voorbeeld 110: mate 52 tot 54, klavier en strykers



Die herhaaltone wat 'n belangrike rol by die eerste intrede van die klavier (maat 16) gespeel het, is steeds teenwoordig.

Voorbeeld 111: mate 55 tot 58, klavier




Die verwysing na die inleidingsmateriaal in die fluit- en trompetpartye (mate 56 tot 58) staan in kontras met die abruptheid van die jambiese figure wat dit voorafgaan.

Voorbeeld 112: mate 55 tot 59, fluit, trompet en strykers



'n Alleenstaande verwysing na die openingsfigure van die marimba (sien voorbeeld 103a) word in maat 61 gehoor.

Voorbeeld 113: maat 61, marimba



In mate 62 en 63 word kwintole van twee-en-dertigstenote vir die eerste keer in die marimba- en klavierpartye gehoor. Hierdie figure is 'n verdere ontwikkeling van die twee-en-dertigstenootpatrone wat tussen mate 39 en 49 prominent in die fluit-, trompet- en marimbapartye was, en verteenwoordig die mees ritmiese beweglike mate in die hele tweede deel.

Voorbeeld 114: mate 62 en 63, marimba en klavier

Na hierdie kortstondige uitbarsting van ritmiese aktiwiteit, hervat die strykers die jambiese figure wat die tweede seksie van hierdie deel gekenmerk het. Die ritmiese beweeglikheid neem geleidelik af tot aan die einde in maat 70.

Voorbeeld 115a: mate 64 en 65, strykers



Musical score for Example 115a, measures 64 and 65, strings. The score is written for five staves: Violin I, Violin II, Viola, Cello, and Double Bass. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 6/8. The music features a rhythmic pattern of eighth notes and rests, with dynamic markings such as *f* and *pp*. The score is divided into two systems, each containing two measures.

Voorbeeld 115b: mate 67 tot 70, fluit, trompet, marimba en strykers



Musical score for Example 115b, measures 67 to 70, flute, trumpet, marimba, and strings. The score is written for five staves: Flute, Trumpet, Marimba, Cello, and Double Bass. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 6/8. The music features a rhythmic pattern of eighth notes and rests, with dynamic markings such as *mf*, *f*, and *pp*. The score is divided into two systems, each containing two measures. The lower staves (Cello and Double Bass) have the word "niente" written below them, indicating a dynamic of *pp*.

3.4 Melodiek

Die melodiese materiaal van die inleiding (mate 1 tot 15) is dieselfde as dié van die inleiding tot die eerste deel, en sal dus nie weer breedvoerig bespreek word nie. Die marimbaparty (begelei deur die strykers) bied egter nuwe melodiese materiaal. In die eerste ses mate van die inleiding speel die marimba figure wat uit drie verskillende toonhoogtes bestaan. Mineurnones en rein kwinte is teenwoordig, en die wye omvang van hierdie figure is opvallend.

Voorbeeld 116: mate 1 tot 6, marimba



In mate 14 en 15 word hierdie figure gewysig. Die mineurnone is steeds teenwoordig, en die dubbelnootmineurtertse dien as skakel met die horisontale mineurtertse wat in mate 7 tot 9 in die fluit- en trompetparty voorkom.

Voorbeeld 117a: mate 13 tot 15, marimba




Voorbeeld 117b: mate 7 tot 9, fluit



Die melodiese materiaal wat in die klavierintrede (mate 16 tot 30) voorkom, word gekenmerk deur herhaaltone, sowel as die klein omvang daarvan. Mineursekundes word telkens met mineurtertse afgewissel, en die kontoer is oorwegend dalend.

Voorbeeld 118: mate 16 tot 20, klavier




In maat 28 word die omvang van die melodie uitgebrei tot 'n tritonus, en in maat 29 word die dalende kontoer omgekeer.

Voorbeeld 119: mate 28 en 29, klavier




Die melodiese materiaal in die klavierparty (mate 31 tot 40) bly, met die uitsondering van enkele intervalwysigings, soortgelyk aan dié van die intrede (mate 16 tot 30). Die herhaaltone word in mate 31 en 33 weggelaat.

Voorbeeld 120: mate 31 tot 35, klavier



In die marimbaparty bly die melodiese kontoer soortgelyk aan dié van die inleiding (mate 1-15), maar mineurtertse en tritonusse word die oorheersende horisontale intervalle. Hierdie party word ritmies gewysig om 'n gesprekvoering met die klavierparty te bewerkstellig.

Voorbeeld 121: mate 31 tot 35, marimba en klavier



Die fluitintrede in maat 35 weerspieël aanvanklik die melodiese kenmerke van die klavier, maar word in mate 39 en 40 ten opsigte van omvang en beweeglikheid uitgebrei. Die sterk opwaartse neiging van hierdie twee stellings staan in kontras met die oorwegend afwaartse kontoere van die melodiese materiaal wat dit voorafgaan.

Voorbeeld 122: mate 39 en 40, fluit




Tussen mate 41 en en 43 bied die strykers vir die eerste keer melodiese materiaal aan wat nie verdubbeling van die ander partye behels nie. Die mineurtertse en majeuresekundes wat hierdie intrede in die klavierparty voorafgaan, word in hierdie mate gewysig na majeuretertse en mineursekundes.

Voorbeeld 123: mate 41 tot 43, strykers



In die fluit- en marimbapartye (mate 42 tot 50) word die energieke opwaartse figuur wat vir die eerste keer in maat 39 voorgekom het, verder ontwikkel. Grové beskryf hierdie figure as pogings om uit die "dwangbaadjie" van die nou melodiese omvang van die hooftema te ontsnap (Grové, S.: 17 Augustus, 2007). Die interval van die majeureseptiem tree sterk na vore in die trompet- en marimbapartye (mate 44 tot 46).


Voorbeeld 124: mate 42 tot 46, fluit, trompet en marimba



Die klavier hervat in mate 46 tot 53 die materiaal van die eerste intrede (maat 16).

Die melodie word nou 'n oktaaf hoër geplaas.

Voorbeeld 125: mate 46 tot 49, klavier



'n Suksesvolle "ontsnapping uit die dwangbaadjie" van die mineurterts word aan die opening van die B-seksie (mate 52 tot 70) geloods met die dalende mineurseptieme in die eerste viole. Hierdie stelling word in maat 54 in die klavierparty beaam. Soortgelyke dalende tweenoetfigure wat deur wye intervalstrekkinge gekenmerk word, kom tot in maat 65 in die klavier en strykers voor.


Voorbeeld 126: mate 52 tot 54, klavier en strykers



The musical score for Example 126, measures 52-54, is presented in a grand staff format. The top staff is the piano part, and the bottom staves are for strings. The piano part features a melodic line in the right hand and a bass line in the left hand. The string part consists of five staves, with dynamics ranging from *f* to *p*. The score includes various musical notations such as slurs, accents, and dynamic markings.

Die laaste verwysing na die melodiese materiaal van die inleiding (mate 1 tot 16) kom tussen mate 56 en 59 in die fluit- en trompetpartye voor.

Voorbeeld 127: mate 56 tot 59, fluit en trompet




The musical score for Example 127, measures 56-59, is presented in a two-staff format. The top staff is the flute part and the bottom staff is the trumpet part. Both parts feature a melodic line with various dynamics ranging from *p* to *pp*. The score includes various musical notations such as slurs, accents, and dynamic markings.

Die kwintoolfiguur wat in mate 62 en 63 in die marimba- en klavierpartye voorkom, is 'n voortsetting van die twee-en-dertigstenoofliguur wat tussen mate 39 en 49 in die fluit-, trompet- en marimbapartye prominent was (sien voorbeeld 122). Die kurwe

van hierdie kwintoolfigure verskil van die vorige stellings in die opsig dat dit koepelvormig (eerder as oorwegend stygend) is.

Voorbeeld 128: mate 62 en 63, marimba en klavier




Die dalende tweenoetfigure wat die B-seksie se mees kenmerkende bestanddeel was, word vir die laaste keer in mate 64 en 65 in die strykers gehoor.

Voorbeeld 129: mate 64 en 65, strykers



Hierdie deel word deur die fluit, trompet en marimba afgesluit terwyl die klavier en strykers in 'n begeleidende hoedanigheid optree (mate 66 tot 70). Die belangrikste horisontale interval is die stygende tritonus (C - F-kruis) wat in die fluit- en trompetpartye aangetref word. Die F-kruis los in mate 68 (fluit) en 69 (trompet) onderskeidelik na 'n F op.

Voorbeeld 130: mate 66 tot 70, fluit, trompet en marimba




The musical score consists of three staves: Flute (top), Trumpet (middle), and Marimba (bottom). The time signature is 6/8. The Flute part starts with a forte (f) dynamic and features a melodic line with a tritone interval. The Trumpet part is marked 'straight mute' and starts with a piano (p) dynamic, moving to mezzo-forte (mf) and then piano-piano (pp). The Marimba part starts with a mezzo-forte (mf) dynamic and follows a similar melodic contour. The score concludes with a double bar line.

3.5 Toonkleur en tekstuur

Hierdie deel van die *Concertino* is ten opsigte van toonkleur en tekstuur meer homogeen as die vorige deel. Tekstuurwisselings is oor die algemeen meer vloeibaar, en drastiese toonkleurverskuiwings vind selde plaas.

Een van die belangrikste teksturele verskynsels in hierdie deel is die aanwending van die strykers as 'n "demperpedaal" (Grové, S.: 17 Augustus, 2007). Reeds in mate 1 en 2 kan gesien word hoe die eerste viole, tweede viole en altviole die melodienote van die marimba "vang" en aanhou. Die wegsterwing van sonoriteit wat in die klavier voorkom (indien 'n noot of akkoord met die demperpedaal aangehou word), word deur middel van die decrescendo's in die strykers nageboots.

Voorbeeld 131: mate 1 en 2, marimba, viole en altviole




Hierdie pedaaaleffek word tot aan die einde van die inleiding (maat 15) voortgesit. In mate 7 tot 9 kan gesien word hoe die eerste en tweede viole onderskeidelik die hoofmelodienote van die fluit en trompet verdubbel.

Voorbeeld 132: mate 7 tot 9, fluit, trompet en viole



Die pedaal aanduidings wat die intrede van die klavier in maat 16 vergesel, het 'n soortgelyke sonoriteit as dié van die inleiding tot gevolg. Die stadige pedaalwisselings wat deur die komponis verlang word, veroorsaak 'n groter kontinuïteit in resonansie as die meer tradisionele legatopedaal. Hier is die verdubbeling van die klavier se basnote deur die tjello's weer opvallend. In mate 19 en 20 (klavier) is die komponis se noukeurige dinamiese aanduidings te bespeur. Grové se kenmerkende gebruik van mineurakkorde in tweede omkering (klavier, mate 19 en 20) word vir die eerste keer in dié deel gehoor.

Voorbeeld 133: mate 16 tot 20, klavier en tjello's



The musical score consists of three staves. The top staff is for the piano, the middle for the cello, and the bottom for the piano again. The piano part starts with a dynamic marking of *mp* and includes a *sost.* instruction. The cello part has a *pp* marking. The piano part continues with dynamics of *p*, *mf*, *mp*, *p*, and *pp*. The cello part has a *pp* marking. The score is in 9/8 time and features various chord structures and melodic lines.

'n Tekstuurverdigting vind tussen mate 31 en 40 as gevolg van die intredes van die fluit, marimba en strykers plaas. Die pedaalearde tussen die marimba en strykers word voortgesit, en in die klavierparty word die resonansie van mate 16 tot 30 behou.


Voorbeeld 134: mate 31 tot 34, marimba, klavier en strykers



The musical score consists of two systems of staves. The first system includes a single treble staff for the marimba and a grand staff for the piano (treble and bass clefs). The second system includes a single treble staff for the strings, a grand staff for the piano, and a single bass staff for the double bass. Dynamics include *mf*, *p*, and *pp*. The key signature has one flat (B-flat) and the time signature is 6/8.

Die eerste intrede van die kontrabasse (maat 32) het 'n verdonkering in toonkleur tot gevolg. Die kontrabasse word hier aangewend om die basnote van die klavier te verdubbel.


Voorbeeld 135: mate 33 tot 35, klavier en kontrabasse



Musical score for piano and double bass, measures 33 to 35. The piano part is in treble clef with a 6/8 time signature. The double bass part is in bass clef with a 6/8 time signature. Dynamics include *mf*, *p*, and *pp*.

In mate 41 en 42 word 'n besondere digtheid van tekstuur geskep deur die vyf-, ses- en sewenootakkoorde in die strykers. Hierdie digtheid word verder geïntensifiseer deur die intredes van die fluit, trompet en marimba (maat 42). In mate 47 en 48 word 'n hoogtepunt in tekstuurdigtheid bereik, aangesien al die instrumente vir die eerste keer in dié deel gelyktydig speel. Die dinamiese aanduidings skep 'n kenmerkende swel-effek wat deur die hele tweede deel in die stryk- en blaasinstrumente 'n belangrike rol speel.

Voorbeeld 136a: mate 41 en 42, strykers



Musical score for strings, measures 41 and 42. The score shows five staves (Violin I, Violin II, Viola, Violoncello, and Kontrabas) in 6/8 time. Dynamics include *p*, *mf*, and *pp*.

Voorbeeld 136b: mate 47 en 48, tutti



The musical score is arranged in two systems. The first system consists of five staves: three single staves (treble, alto, and bass clefs) and a grand staff (treble and bass clefs). The second system consists of six staves: two single staves (treble and alto clefs), a grand staff (treble and bass clefs), and two more single staves (treble and bass clefs). The music is in 7/8 time and features dynamic markings such as *p*, *mf*, *pp*, *f*, and *mp*. The score includes various musical notations such as slurs, ties, and accents.

Vanaf maat 50 en 55 vind 'n merkbare ontspanning in tekstuurdigheid plaas as gevolg van die afwesigheid van die fluit, trompet en marimba. Die hipnotiese effek wat deur die herhaalde basnote in die klavier geskep word, is steeds teenwoordig, asook die digtheid van die akkoorde in die strykers. Die kontrabas word steeds aangewend om die basnote van die klavier te verdubbel. Die dinamiese aanduidings vir die strykers het 'n omgekeerde swel-effek tot gevolg (vergeelyk voorbeeld 136a).

Voorbeeld 137: mate 51 tot 53, klavier en strykers



The musical score for Example 137, measures 51-53, is presented in a piano and strings arrangement. The piano part is written in a grand staff (treble and bass clefs) with a 4/8 time signature. The strings are arranged in five parts: Violin I, Violin II, Viola, Cello, and Double Bass. The score shows a dynamic shift from piano (*p*) to mezzo-forte (*mf*) and back to piano (*p*). The piano part features a prominent bass line with a 'div.' (divisi) marking. The strings play a rhythmic pattern of eighth notes, with dynamics ranging from *f* (forte) to *p* (piano).

Tussen mate 55 en 58 tree die fluit en trompet op die voorgrond met 'n terugblik na die melodiese materiaal van die inleiding. Die noukeurige dinamiese aanduidings vir die basnote van die klavier is ten opsigte van toonkleur opvallend, en so ook die begeleidende flageolette in die tjello's (mate 57 en 58).

Voorbeeld 138: mate 56 tot 59, fluit, trompet, klavier en tjello's



The musical score consists of five staves. The top two staves are for flute and trumpet, both in 6/8 time. The piano part is split into two staves (treble and bass clef). The double bass part is in the bottom staff. Dynamics include *p*, *mf*, *pp*, *mp*, and *f*. Performance markings include *unis* and *div*. The score shows a complex rhythmic and dynamic interplay between the instruments.

Mate 60 tot 65 bestaan uit 'n dialoog tussen klavier en strykers, met 'n enkele bydrae van die marimba (maat 63). Die laaste pedaal effek tussen die marimba en die viole vind in maat 61 plaas, en in maat 62 verdubbel die altviole, tjello's en kontrabasse die mineurakkoord wat weer in die linkerhand van die klavier gehoor word (sien voorbeeld 133).

Voorbeeld 139: mate 60 tot 63, marimba, klavier en strykers



The musical score consists of two systems. The first system includes a marimba part (top staff), a piano part (middle two staves), and a string part (bottom two staves). The marimba part features a melodic line with dynamics *mf*, *f*, and *p*, and includes a five-measure rest. The piano part has a complex accompaniment with dynamics *f*, *mf*, *p*, and *f*. The string part includes a section with dynamics *f*, *p sub*, and *pp*. The second system continues the piano and string parts with dynamics *pp*, *pp*, *pp unis*, and *pp*. The score is marked with various dynamics and includes a 'Ped.' (pedal) marking in the piano part.

Die klavier en strykers tree vanaf maat 66 tot aan die einde van die deel in 'n begeleidende hoedanigheid op. Die digtheid van die begeleidende akkoord (mate 66 tot 70, klavier en strykers) is besonder opvallend. 'n Nuwe klankkleur word in die trompet deur middel van 'n demperwisseling bewerkstellig (maat 66).

Voorbeeld 140: mate 66 tot 70, tutti



The musical score consists of the following parts:

- Flute:** Starts with a *f* dynamic, playing a melodic line with accents and slurs. Dynamics include *f* and *pp*.
- Clarinet:** Starts with a *straight mute* and *p* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *p*, *mf*, *f*, and *pp*.
- Oboe:** Starts with a *p* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *p*, *mf*, *f*, and *pp*.
- Bassoon:** Starts with a *p* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *p*, *mf*, *f*, and *pp*.
- Violin I:** Starts with a *mf* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*.
- Violin II:** Starts with a *mf* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*.
- Viola:** Starts with a *mf* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*.
- Cello:** Starts with a *mf* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*.
- Double Bass:** Starts with a *mf* dynamic, playing a melodic line. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*.
- Vocal Parts (Soprano, Alto, Tenor, Bass):** All parts start with a *pp* dynamic and play a melodic line. The word "niente" is written below each vocal line.

4. DERDE DEEL: *PRESTO ENERGICO*

4.1 Struktuur

Die makrostruktuur van die derde deel kan, soos dié van die eerste, as deurgekomponeerd met terugblikke beskryf word. Die afwesigheid van 'n inleiding is in hierdie deel opvallend. Soos in hoofstukke twee en drie sal die kenmerke van die afsonderlike seksies van hierdie deel in die onderstaande subhoofstukke bespreek word.


Verdeling	Maatnommers
Seksie A1	1-18
Seksie A2	19-36
Seksie B1	37-39
Seksie B2	40-52
Seksie B3	53-72
Terugblik na A2	73-90
Terugblik na B3	91-103
Koda	104-112

4.2 Kiemselpermutasies

Kiemselpermutasies is vanweë die tokkatematige aard van hierdie deel minder opvallend op die oor as dié wat in die vorige twee dele voorkom. Elemente van die kiemselle kom nietemin in die belangrikste melodiese en ritmiese strukture voor, en sal (soos in hoofstuk 3) per seksie uitgelig en bespreek word.

In seksie A1 (mate 1 tot 18) is die gebruik van die mineurterts van kiemsel A, sowel as die herhaalnote van kiemsel C ooglopend. Die intrede van die klavier (mate 1 tot 4) open met die herhaalnootmotief, en die eerste horisontale interval is die mineurterts. Laasgenoemde interval kom verder in elke maat van hierdie intrede voor.

Voorbeeld 141 mate 1 tot 4, klavier



Met die intrede van die fluit, trompet en marimba (maat 5) is soorgelyke intervalsamestellings in die fluitparty teenwoordig. Die stygende mineurterts wat die klavierintrede geopen het, word na 'n dalende mineurterts gewysig.

Voorbeeld 142: mate 5 tot 7, fluit



In maat 11 word geïsoleerde ritmiese verkleinings van kiemsel C onderskeidelik in die klavier en strykers gehoor, en in maat 12 vind die eerste permutasie van kiemsel B in die strykers plaas.

Voorbeeld 143: mate 11 en 12, klavier en strykers



The musical score is arranged in six staves. The top two staves represent the piano part, with the right hand playing chords and the left hand playing a bass line. The bottom four staves represent the string section, with the first violin and first bassoon parts. The score is in 18/16 time and features dynamics such as *sf* and *f*. The piano part includes accents and slurs. The string part includes a melodic line in the first violin and a bass line in the first bassoon.


Die mineurterts van kiemsel A en die herhaalnote van kiemsel C speel tot aan die einde van hierdie seksie 'n belangrike rol.

Voorbeeld 144: mate 16 en 17, strykers




Die intervalsamestelling van die sestienenoetpassasie (klavier, mate 19 tot 24) wat seksie A2 open, word steeds deur mineurtertse oorheers. Hierdie mineurtertse is selfs meer prominent in die antwoord van die fluit, trompet en marimba (maat 26), en die oorspronklike intervalsamestelling van kiemsel A is in mate 26 en 27 in die marimbaparty sigbaar. Permutasies van kiemsel C tree in hierdie seksie tydelik op die agtergrond.

Voorbeeld 145a: mate 19 tot 22, klavier



Voorbeeld 145b: mate 26 en 27, fluit, trompet en marimba



In seksie B1 (mate 37 tot 39) word permutasies van kiemsel D vir die eerste keer in hierdie deel in die fluitparty aangetref. Die oorspronklike intervalsamestelling (mineurterts en majeuresekunde) word behou. In die trompetparty herinner die melodiese kurwe sterk aan dié van kiemsel A. Die mineurterts en -sekunde van die oorspronklike kiemsel word gewysig na 'n majeureterts en -sekunde. 'n Permutasie van kiemsel C, verdeel tussen die klavier en lae strykers, word in ritmiese vergroting gehoor.


In hierdie seksie is die mineurtertse in die vertikale strukture ook opvallend: Grové se kenmerkende mineurakkoorde in tweede omkering word vir die eerste keer in dié deel in hierdie seksie gehoor.

Voorbeeld 146: mate 37 tot 39, fluit, trompet, klavier, tjello's en kontrabasse




In seksie B2 tree permutasies van kiemsel D vir die eerste keer in hierdie deel op die voorgrond. Die eerste permutasie vind in mate 40 en 41 in die eerste viole plaas, en die oorspronklike intervalsamestelling is steeds teenwoordig.

Voorbeeld 147: mate 40 en 41, eerste viole



'n Alleenstaande verwysing na kiemsel C vind in maat 45 in die klavier en strykers plaas.

Voorbeeld 148: maat 45, klavier en strykers



The image shows a musical score for measures 45, piano and strings. It consists of six staves. The top two staves are for the piano, with a treble clef on the upper staff and a bass clef on the lower staff. The bottom four staves are for the strings, with a treble clef on the first staff and a bass clef on the last staff. The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 3/4. The piano part features a melodic line with eighth notes and a bass line with eighth notes. The string part features a rhythmic pattern of eighth notes with a descending four-note pattern in the upper voices. Dynamics include *f* and *unis*.

Die gebruik van die jambiese ritmiek, wat die permutasies van kiemsel E in die vorige dele gekenmerk het, verskyn ook vir die eerste keer in hierdie seksie. Die jambiese ritmiek word in kombinasie met die dalende viernootpatroon van kiemsel D aangebied.


Voorbeeld 149: mate 49 en 50, klavier



The image shows a musical score for measures 49 and 50, piano. It consists of two staves, treble and bass clef. The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 8/16. The piano part features a melodic line with eighth notes and a bass line with eighth notes. Dynamics include *sf*.


In seksie B3 (mate 53 tot 72) word die akkoordsamestellings in die klavierparty, met enkele afwisselings, deur kombinasies van mineurakkoorde en kwartakkoorde oorheers. Die klank van die mineurterts is deurgaans opvallend.

Voorbeeld 150: mate 55 tot 58, klavier



As gevolg van die statiese aard van die klavier- en strykerpartye, vind die beweging in hierdie seksie hoofsaaklik in die fluit-, trompet- en marimbapartye plaas. Permutasies van kiemsel E is oorheersend in die fluitparty.

Voorbeeld 151: mate 58 tot 61, fluit




Alleenstaande ritmiese verkleinings van kiemsel C word onderskeidelik in die hoë strykers (maat 54) en die fluit-, trompet- en marimbapartye (maat 57) aangetref, en 'n besondere direkte verwysing na kiemsel A word in maat 67 in die fluitparty aangetref.

Voorbeeld 152a: maat 54, viole en altviole



Voorbeeld 152b: maat 57, fluit, trompet en marimba




Voorbeeld 152c: maat 67, fluit



Met die aanvang van die terugblik na A2 (mate 73 tot 92) vind die belangrikste permutasies in die klavier- en marimbapartye plaas. Hierdie sestienoetfigure herinner aan kiemsel B as gevolg van die soortgelyke 2+3- en 3+2-groeperings, asook die ononderbroke motoriese kontinuïteit. Die beklemtoonde note van die marimba is egter ook afleibaar van die dalende mineurterts + majeuresekunde-intervalsamestelling van kiemsel D. In die klavierparty word die herhaalnote van kiemsel C deur middel van aksentplasing en 'n hoër dinamiese vlak uitgelig.

Voorbeeld 153: mate 73 tot 76, marimba en klavier




The musical score for Example 153 (measures 73-76) is presented in 8/16 time. It consists of three staves: a marimba staff (top), a piano right-hand staff (middle), and a piano left-hand staff (bottom). The marimba part begins with a *p* dynamic and a *simile* marking, featuring a descending eighth-note pattern with accents. The piano part starts with a rest in measure 73, then enters in measure 74 with a descending eighth-note pattern in the right hand, marked *pp* and *mf*, and a similar pattern in the left hand, marked *pp*. A dashed line labeled *8va* indicates an octave shift for the piano right hand. The piano part continues with dynamic shifts between *pp* and *mf* in measures 75 and 76.

Verdere permutasies van kiemsel D vind onderskeidelik in mate 81 (klavier) en 88 tot 90 (strykers) plaas. In beide gevalle word intervalwysiging toegepas, en die dalende kontoer behou. Laasgenoemde permutasie word gekombineer met 'n aanhaling van kiemsel C.

Voorbeeld 154a: maat 81, klavier

ten




Voorbeeld 154b: mate 88 tot 90, strykers




Die klavierpassasie in maat 84 is ten opsigte van intervalsamestelling interessant, aangesien dit die mineurterts- en mineursekondekombinasie van kiemsel A herroep (enharmoniese spellings ingesluit). Die uitgebreidheid, tempo, kontoer en dinamiese vlakke van hierdie passasie het egter tot gevolg dat dit nie deur die oor as 'n permutasie van kiemsel A ervaar word nie.

Voorbeeld 155: maat 84, klavier




In die terugblik na B3 word die vertikale strukture in die klavierparty weer deur mineurakkoorde (en dus die sonoriteit van die mineurterts) gekenmerk. Dieselfde statiese gevoel wat in seksie B3 die klavier- en strykerpartye gekenmerk het, is hier teenwoordig, en voorbeelde van permutasies vind dus meestal in die fluit-, trompet- en marimbapartye plaas.

Voorbeeld 156: mate 91 tot 94, klavier



Permutasies van kiemsel E kom in hierdie seksie deurgaans in die fluitparty voor. Die dalende mineurterts van kiemsel A is ook prominent. Hierdie stellings van die fluit word telkens met 'n ritmiese verkleining van kiemsel C deur die marimba beantwoord.


Voorbeeld 157: mate 91 tot 93, fluit en marimba



Musical score for Example 157, measures 91 to 93, featuring flute and marimba. The score is in 8/16 time. The flute part (top staff) consists of three measures of eighth-note patterns with slurs and dynamic markings: *mf*, *mf*, and *p*. The marimba part (bottom staff) consists of three measures of eighth-note patterns with slurs and dynamic markings: *mp*, *mp*, and *mf*.

Die koda (mate 104 tot 112) word deur die 2+3 en 3+2 ritmiese permutasies van kiemsel B gekenmerk. In mate 108 tot 110 is 'n herhaalde melodiese permutasie van kiemsel A (fluit en eerste viole) besonder opvallend.

Voorbeeld 158: mate 108 tot 110, fluit en eerste viole




Musical score for Example 158, measures 108 to 110, featuring flute and first violin. The score is in 8/16 time. The flute part (top staff) consists of three measures of eighth-note patterns with slurs and dynamic markings: *mf*, *mf*, and *f*. The first violin part (bottom staff) consists of three measures of eighth-note patterns with slurs and dynamic markings: *p*, *mf*, and *f*.

4.3 Ritmiek

Die ritmiese samestelling van hierdie deel van die *Concertino* is minder kompleks as dié van die eerste deel, en word gekenmerk deur die kontras tussen beweglike en statiese seksies. Die beweglike seksies bestaan hoofsaaklik uit deurlopende sestiennotenpassasies wat in groepe van twee en drie onderverdeel is, terwyl die statiese seksies deur akkoorde van langer nootwaardes deur die klavier en strykers gekenmerk word. Die fluit-, trompet- en marimbapartye is, met enkele uitsonderings, die mees beweglike groep in hierdie deel.

Die eerste tien mate van seksie A1 word deur die klavier, fluit, trompet en marimba oorheers. Tokkatematige sestiendenoofigure in wisselende groeperings van twee en drie word onderskeidelik deur die klavier (mate 1 tot 4 en 8 tot 10), fluit, trompet en marimba (mate 5 tot 7) gespeel. Die gevoel van ritmiese voortstuwung word versterk deur die bykans deurlopende gebruik van die 10/16-tydmaatteken, met enkele onderbrekings in mate 4 (5/16) en 10 (3/8).

Voorbeeld 159a: mate 1 tot 4, klavier



Musical score for Example 159a, measures 1 to 4, piano. The score is written for piano in 10/16 time. It features a complex rhythmic pattern with sixteenth notes and rests, and a key signature of one sharp (F#). The dynamics range from piano (*p*) to fortissimo (*sf*).

Voorbeeld 159b: mate 5 tot 7, fluit, trompet en marimba



Musical score for Example 159b, measures 5 to 7, flute, trumpet, and marimba. The score is written for three instruments in 10/16 time. It features a complex rhythmic pattern with sixteenth notes and rests, and a key signature of one sharp (F#). The dynamics range from mezzo-forte (*mf*) to mezzo-forte (*mf*). The flute part includes the instruction *mf senza sord.*

In die laaste agt mate van seksie A1 word die ritmiese momentum deur kontrasterende 3/8-mate onderbreek. Die maatsoortteken wissel tussen 3/8-tyd en 10/16-tyd, en die konstante vloeï van sestiendenoote word tussen die verskillende instrumentegroepe verdeel. Die reëlmatigheid van die 3/8-mate kontrasteer met die onreëlmatige groeperings wat in die 10/16-mate aangewend word.


Voorbeeld 160: mate 10 tot 14, tutti



The musical score consists of ten staves. The top five staves represent the vocal parts (Soprano, Alto, Tenor, Bass, and Contralto), and the bottom five staves represent the piano accompaniment (Right Hand and Left Hand). The score is marked 'tutti' and includes dynamic markings such as *f* (forte) and *sf* (sforzando). The time signature changes frequently, alternating between 10/16 and 3/8. The piano part features complex rhythmic patterns, including triplets and sixteenth-note runs.

In seksie A2 word die ritmiese voortstuwing van die eerste 10 mate voortgesit. Hierdie seksie is (mate 28 tot 30 uitgesluit) hoofsaaklik in 8/16-tyd. Die eerste 6 mate van die klavierparty is van belang, aangesien dit tot dusver die langste passasie in die buitenste dele van die werk is wat deur die afwesigheid van beide tydmaatteken- en groeperingswisselings gekenmerk word. Die simmetrie van die 3+2+3-groeperings is opvallend.

Voorbeeld 161: mate 19 tot 22, klavier



Hierdie passasie word in maat 25 met 'n 4+4-groepering onderbreek, waarna die fluit, trompet en marimba die sestiendenootfigure oorneem. In hierdie passasie word die momentum versteur deur groeperingswisselings, sowel as tydmaattekenwisselings.

Voorbeeld 162a: maat 25, klavier en strykers



Voorbeeld 162b: mate 26 tot 30, fluit, trompet en marimba



In die laaste ses mate van seksie A2 word die ritmiese aktiwiteit tussen die regterhandparty van die klavier en die marimba verdeel.

Voorbeeld 163: mate 31 tot 34, marimba en klavier



Langer nootwaardes speel in seksie B1 vir die eerste keer in hierdie deel 'n rol. Alhoewel die fluit, trompet en marimba steeds sestiendenoetpassasies speel, veroorsaak die oorgebinde halfnote in die klavier en strykers 'n statiese ondertoon. Die dialoog tussen die klavier en lae strykers wat in seksie B2 'n rol speel, word reeds hier voorberei.

Voorbeeld 164: mate 37 tot 39, fluit, trompet, marimba, klavier, tjello's en
kontrabasse



The musical score consists of five systems of staves. The first system contains three staves: the top staff is for flute (treble clef, 8/16 time), the middle staff is for trumpet (treble clef, 8/16 time), and the bottom staff is for marimba (treble clef, 8/16 time). The second system contains two staves: the top staff is for piano (treble clef, 8/16 time) and the bottom staff is for strings (bass clef, 8/16 time). The piano part features a melodic line with accents and a dynamic marking of *p*. The strings part features a low, sustained note with a dynamic marking of *pp* and a *div* (divisi) marking. The third system contains two staves: the top staff is for strings (bass clef, 8/16 time) and the bottom staff is for strings (bass clef, 8/16 time). Both string parts feature a low, sustained note with a dynamic marking of *pp*.

In seksie B2 word die deurlopende vloe van sestiendenote vir die eerste keer in hierdie deel onderbreek. Mate 40 tot 44 word gekenmerk deur die dialoog tussen die klavier en die lae strykers, en die eerste viole neem die rol as mees ritmies aktiewe party oor. Die 3+3+2-groepering bly vir die eerste vier mate onveranderd, en die jambiese ritme word vir die eerste keer in hierdie deel in die tweede viole en altviole gehoor.


Voorbeeld 165: mate 40 tot 44, klavier en strykers



The musical score consists of five staves. The top two staves are for the piano, and the bottom three are for strings. The time signature is 8/16, which changes to 5/16 at the end of measure 44. Dynamics include *f*, *p*, *mf*, and *f*. Articulations such as accents (*>*) and breath marks (*v*) are present throughout the piece.

In maat 45 is sestiendenote vir die eerste keer in die derde deel totaal afwesig. Hierdie maat herinner sterk aan die 3/8-mate in seksie A1. (sien voorbeeld 161).

Voorbeeld 166: maat 45, klavier en strykers



Musical score for Example 166, measures 45, piano and strings. The score is in 3/4 time and features a key signature of one sharp (F#). It consists of six staves: a grand staff (treble and bass clefs) for the piano, and four staves for the strings (two violins, two violas). The piano part includes a dynamic marking of *f* (forte) and a *unis* instruction. The string parts also feature *f* dynamics.


In mate 46 tot 48 word die deurlopende sestiendenootfigure voortgesit, en weereens in mate 49 tot 51 deur die klavier onderbreek.

Voorbeeld 167a: mate 46 tot 48, fluit, trompet en marimba




Musical score for Example 167a, measures 46 to 48, flute, trumpet, and marimba. The score is in 8/16 time and features a key signature of one sharp (F#). It consists of three staves: flute (top), trumpet (middle), and marimba (bottom). The flute part includes dynamic markings of *p* (piano), *f* (forte), *p < f* (piano to forte), *sf* (sforzando), and *f*. The trumpet part includes *p < f* and *sf*. The marimba part includes *p* and *f*.

Voorbeeld 167b: mate 49 tot 51, klavier




Seksie B3 word deur die uitgebreide dialoogvoering tussen die klavier en strykers gekenmerk. Die langer nootwaardes wat reeds in seksie B1 verskyn het, word nou die norm (sien voorbeeld 164). Alhoewel sestiendenootfigure steeds in die fluit-, trompet- en marimbapartye voorkom, is geen vorm van ritmiese voortstuwing meer aanwesig nie.

Voorbeeld 168a: mate 58 tot 61, klavier en strykers




Voorbeeld 168b: mate 60 tot 64, fluit, trompet en marimba



Die terugblik na A2 (mate 73 tot 90) is uniek in die opsig dat dit die eerste seksie in die hele *Concertino* is waarin dieselfde tydmaatteken ononderbroke gehandhaaf word (met die uitsondering van maat 90). In die eerste agt mate van hierdie seksie bly die groeperings in die marimba en klavier ook onveranderd. Die teenstelling tussen die 2+3+3-groeperings van die marimba en die 3+2+3-groeperings van die klavier is uiters opvallend, aangesien dit die enigste voorbeeld in die hele werk is van kontrasterende ritmiese groeperings wat gelyktydig gehoor word.

Voorbeeld 169: mate 73 tot 76, klavier en marimba



Die ononderbroke vloei van sestiendenote kom weer in maat 82 tot stilstand met 'n verwysing na die dialoogvoering tussen die klavier en strykers wat die B-seksie gekenmerk het. Ten spyte van hierdie tydelike verlies aan motoriese momentum word 'n gevoel van deurlopendheid verkry deur middel van die 2+3+3-groeperings wat (met die enkele uitsondering van maat 83) vanaf maat 82 tot 89 gehandhaaf word


Voorbeeld 170: mate 82 en 83, klavier en strykers



The musical score consists of two systems, each containing two measures. The top system is for the piano, with a treble and bass clef, and a time signature of 8/16. The piano part features a sequence of sixteenth notes, with a 'ten' marking above the first measure. The bottom system is for the strings, with a treble and bass clef, and a time signature of 8/16. The string parts feature a sequence of sixteenth notes, with a 'ten' marking above the first measure of the second system.


In die terugblik na B3 (mate 91 tot 103) kan die lang nootwaardes, statiese akkoord-dialoog tussen klavier en strykers sowel as die gebruik van die jambiese ritmiek in die fluit en trompet as hoofkenmerke uitgesonder word.

Voorbeeld 171: mate 91 tot 94, klavier en strykers




Die dialoogvoering tussen die fluit en marimba is in hierdie seksie ooglopend: die jambiese ritmes van die fluit word telkens deur die marimba met 'n drienoot-sestiendefiguur beantwoord.

Voorbeeld 172: mate 91 tot 93, fluit en marimba



Die opbou na die koda begin reeds in maat 98, en die verandering na 8/16 is ook die laaste wisseling van tydmaatteken in die derde deel. In mate 98 tot 103 kan in die fluit- en trompetpartye gesien word hoe die ritmiese momentum geleidelik opgebou word. Die simmetriese 3+2+3-groeperings word vanaf maat 99 tot aan die einde van die werk gehandhaaf.

Voorbeeld 173: mate 99 tot 102, fluit en trompet




Die kort koda (mate 104 tot 112) word deur die intrede van die marimba ingelei. Die vloei van sestiennoten word deurlopend in die marimba- en klavierpartye behou, en die 3+2+3-groeperings word met behulp van aksentplasing uitgelig.

Voorbeeld 174: mate 108 tot 112, tutti

4.4 Melodiek

Die sestiennotenfigurasies wat seksie A1 inlei, bestaan uit mineurtertse, rein kwarte en majeuresekundes. Die kombinasie tussen stygende en dalende intervalle staan in kontras met die oorwegend dalende melodiese kontoere van die vorige twee dele, en herhaalnote wat vir die eerste 11 mate in elke maat voorkom, is 'n ooglopende melodiese kenmerk van hierdie deel.

Voorbeeld 175: mate 1 tot 4, klavier



In maat 11 word die herhaalnote in die dialoog tussen die klavier en strykers beklemtoon, en die mineurtert is steeds in enharmoniese spelling tussen die boonste note van die klavierakkoorde en die A-mol van die eerste viole teenwoordig.

Voorbeeld 176: maat 11, klavier en strykers



Mate 10, 12, 14 en 17 kontrasteer uit 'n melodiese oogpunt merkbaar met die res van hierdie seksie as gevolg van hulle dalende kontoere en wyer melodiese omvang.


Voorbeeld 177: mate 10 tot 14, tutti



The musical score for Example 177, measures 10 to 14, is written in 3/8 time and includes a piano accompaniment. The score is divided into two systems of five staves each. The first system (measures 10-14) shows a piano accompaniment with a prominent descending melodic line in the right hand and a more active bass line. Dynamics include forte (f) and sforzando (sf). The key signature has one flat (B-flat).

Die klavierpassasie wat seksie A2 (mate 19 tot 36) inlei, word steeds deur die klank van die mineurtert (ook in enharmoniese spelling) gekenmerk. Die rein kwart, wat 'n prominente rol in die openingsmate gespeel het, is nou afwesig. Wanneer die aanvangsnote van mate 19 tot 23 vergelyk word, word 'n subtiële stygende neiging sigbaar.

Voorbeeld 178: mate 19 tot 22, klavier




Tussen mate 26 en 31 word die melodiese aktiwiteit deur die fluit, trompet en marimba oorgeneem, en vir die eerste keer in hierdie deel word langer nootwaardes as die sestiende binne 'n melodiese konteks aangewend. Die mineurterts oorheers steeds in die intervalsamestelling, en die rein kwarte wat in die openingsmate teenwoordig was, kom weer te voorskyn.

Voorbeeld 179: mate 26 tot 30, fluit, trompet en marimba




Die dialoog tussen die marimba en klavier wat hierdie seksie afsluit, herinner ten opsigte van intervalsamestelling sterk aan die klavierpassasie wat hierdie seksie geopen het (sien voorbeeld 178). Majeur- en mineursekundes, sowel as mineurtertse is teenwoordig, en dieselfde opwaartse neiging is in beide partye merkbaar.

Voorbeeld 180: mate 31 tot 34, marimba en klavier



Seksie B1 (mate 37 tot 39) word op melodiese vlak deur die pentatoniek in die fluit- en trompetpartye oorheers. Twee verskillende toonlere word gebruik: G-A-B-D-E (fluit) en (C#)-(D#)-F#-G#-A# (trompet)². 'n Verdere kontras tussen die twee partye is dat al vyf tone in die fluitparty gehoor word, en net drie in die trompetparty.

Voorbeeld 181: mate 37 tot 39, fluit en trompet



Bogenoemde pentatoniek word in seksie B2 deur die eerste viole oorgeneem. Die toonleer wat uit die note C#-D#-E#-G#-A# bestaan, word hier gebruik, en dit is interessant dat hierdie toonleer vier gemeenskaplike note met dié wat in die vorige seksie in die trompet gehoor is, deel. Die melodiese omvang van hierdie seksie is

² Note wat deel is van die toonleer, maar nie in die betrokke voorbeeld voorkom nie, sal deurgaans tussen hakies geplaas word

heelwat wyer as dié van seksie B1, en al vyf note van bogenoemde toonleer word ingespan. Die dalende kontoere is kenmerkend van Grové se benadering tot melodiek.

Voorbeeld 182: mate 40 tot 43, eerste viole




Mate 45 tot 52 word deur heterogene intervalsamestellings gekenmerk. Alhoewel mineurtertse, sowel as mineur- en majeuresekundes steeds volop is, word majeuretertse (enharmoniese spellings ingesluit) en tritonusse vir die eerste keer in hierdie deel prominent gehoor. Mate 50 en 51 word deur die grootste spronge tot dusver in die deel gekenmerk (viool- en tjellopartye).

Voorbeeld 183: mate 49 tot 51, klavier en strykers

Vanweë die statiese akkoorddialoog tussen die klavier en strykers in seksie B3 (mate 53 tot 72), verskuif die melodiese fokus na die fluit-, trompet- en marimbapartye. Tussen mate 56 en 63 word die fluitparty oorheers deur dalende mineurtertse, terwyl dalende tritonusse oorwegend in die trompetparty gehoor word. Langer nootwaardes word in beide die fluit- en trompetpartye gebruik, en die materiaal in hierdie instrumente word dus deur die luisteraar as melodies (eerder as bloot figuratief) ervaar. Die materiaal in die marimbaparty is in hierdie mate tot kort herhaalnootpatrone beperk.


Voorbeeld 184: mate 56 tot 59, fluit, trompet en marimba



The musical score for Example 184 consists of three staves in 8/16 time. The top staff (flute) starts with a forte (*f*) dynamic, followed by a crescendo to mezzo-forte (*mf*). The middle staff (trumpet) starts with mezzo-piano (*mp*), followed by a crescendo to mezzo-forte (*mf*). The bottom staff (marimba) starts with pianissimo (*pp*), followed by a forte (*f*) dynamic, and ends with pianissimo (*pp*). The score shows melodic lines for the flute and trumpet, and rhythmic patterns for the marimba.


Vanaf maat 66 tot aan die einde van hierdie seksie is daar 'n kontras tussen die stygende figure in die marimbaparty en die dalende figure van die fluit- en trompetpartye. Die stygende tritonusse in die marimbaparty herroep die dalende tritonusse wat die trompetparty in die voorafgaande mate gekenmerk het (sien voorbeeld 184), terwyl die kontoere van die fluit- en trompetpartye sterk herinner aan die materiaal wat in seksies B1 en B2 onderskeidelik in die blasers en strykers gehoor is (sien voorbeelde 181 en 182). Die dalende rein kwarte in die trompetparty verleen 'n pentatoniese kleur aan hierdie passasie (C-D-E-G-(A)).

Voorbeeld 185: mate 67 tot 70, fluit, trompet en marimba



In die eerste agt mate van die terugblik na A2 (mate 73 tot 90) word die pentatoniese kleur wat in die vorige voorbeeld deur die trompet voorberei is, voortgesit. Die marimba speel dalende passasies wat op die toonleer Eb-F-G-Bb-C gebaseer is, terwyl passasies wat op die toonleer B-(C#)-(D#)-F#-G# gebaseer is, in die regterhand van die klavier gehoor word.

Voorbeeld 186: mate 73 tot 76, marimba en klavier



Mate 80 tot 90 word gekenmerk deur die fragmentering en verspreiding van melodiese materiaal tussen die fluit-, trompet-, marimba- en klavierpartye. Sekundes, mineurtertse en rein kwarte word weer in die intervalsamestelling aangewend.


Voorbeeld 187: mate 84 tot 87, fluit, trompet, marimba en klavier



The musical score consists of four staves. The top three staves are for Flute (8va), Trumpet (8va), and Marimba (8va), all in 8/16 time. The bottom two staves are for Piano (8va and 8vb), also in 8/16 time. The score shows a complex interplay of melodic fragments and rhythmic patterns across the instruments. Dynamics include *ff* and *sf*. The key signature is one sharp (F#).


In die terugblik na B3 is die wisselwerking tussen die dalende mineurtertse (trompet) en drienoet-herhaaltoonfiguur (marimba) weereens opvallend. Die melodiese materiaal in die fluit- en trompetpartye is onderskeidelik van die pentatoniese toonlere (D)-E-G-A-B en Eb-F-Ab-Bb-(C) afkomstig. Die stygende majeuresekundes in die trompetparty kontrasteer kontoersgewys met die dalende mineurtertse wat in die fluitparty voorkom.

Voorbeeld 188: mate 91 tot 94, fluit, trompet en marimba



Vanaf maat 98 tot aan die einde van hierdie seksie kom die belangrikste melodiese materiaal in die fluitparty voor. Die beweeglike passasie wat in maat 100 begin, is (met 'n enkele uitsondering van 'n G-kruis) van die pentatoniese toonleer A-B-C#-E-F# afkomstig. Die melodiese materiaal in die trompetparty (mate 101 tot 103) is op dieselfde toonleer gebaseer.

Voorbeeld 189: mate 100 tot 103, fluit en trompet




Die deurlopende figurasies wat in die koda in die marimba- en klavierpartye voorkom, bestaan hoofsaaklik steeds uit sekundes en mineurtertse. Vanaf mate 108 tot 110 word rein kwinte vir die eerste keer in die derde deel prominent in melodiese konteks in die fluit, trompet en eerste viole gehoor.

Voorbeeld 190a: mate 104 tot 107, marimba en klavier



Musical score for marimba and piano, measures 104 to 107. The marimba part is in the upper staff, and the piano part is in the lower two staves. The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 8/16. Dynamics include *mf*, *p*, and *mf*. There are accents and slurs throughout.

Voorbeeld 190b: mate 108 tot 110, fluit, trompet en eerste viole




Musical score for flute, trumpet, and first violin, measures 108 to 110. The score is in three staves. The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 8/16. Dynamics include *mf*, *p*, *mf*, and *f*.

4.5 Toonkleur en tekstuur

Die tekstuur van die klavierintrede (mate 1 tot 4) kan as gevolg van die hoë registerplasing, lae dinamiese vlak en afwesigheid van die demperpedaal as besonder lig en deursigtig beskryf word. Die oorwegende eenstemmigheid dra tot hierdie deursigtigheid by.

Voorbeeld 191: mate 1 tot 4, klavier




Met die intredes van die fluit, trompet en marimba (mate 5 tot 7) word die tekstuurdigtheid ietwat verhoog met behulp van die hoër dinamiese vlak, asook die afwisseling tussen dubbelnote en drienoet-akkoorde.

Voorbeeld 192: mate 5 tot 7, fluit, trompet en marimba



Die hoër dinamiese vlak, laer registerplasing sowel as die afwisseling tussen vier- en vyfnootakkoorde in mate 8 tot 10 (klavier), veroorsaak dat die tekstuur steeds digter as in die vorige voorbeelde word.

Voorbeeld 193: mate 8 tot 10, klavier



Tekstuurdigtheid bereik in hierdie seksie in mate 11 tot 18 'n hoogtepunt. Die intrede van die strykers, sowel as die feit dat al die instrumente vir die eerste keer in die deel betrokke is, dra hiertoe by. Die donkerder toonkleur van die lae strykers en die pizzicato's in die vioolpartye (maat 17) is beide nuwe toevoegings tot die kleurpalet wat deur Grové in hierdie deel gebruik word.

Voorbeeld 194a: mate 11 tot 13, tutti


Musical score for Example 194a, measures 11-13, tutti. The score consists of 11 staves. The top four staves are for the string quartet (Violin I, Violin II, Viola, and Violoncello). The bottom four staves are for the piano (Right Hand and Left Hand). The music is in 18/16 time and features dynamic markings of forte (f) and sforzando (sf).

Voorbeeld 194b: maat 17, viole

Musical score for Example 194b, measure 17, viole. The score consists of two staves, both marked "pizz" (pizzicato). The music is in 18/16 time and features a melodic line with a sharp sign.


Die klavierpassasie wat seksie A2 inlei, word ten opsigte van toonkleur hoofsaaklik deur lae registerplasing en die lae dinamiese vlak daarvan gekenmerk. Die afwesigheid van die ander instrumentpartye, asook die deurgaanse tweestemmigheid, is opvallend.

Voorbeeld 195: mate 19 tot 22, klavier




Hierdie klavierpassasie word (soos in seksie A1) deur die fluit, trompet en marimba beantwoord (mate 26 tot 30). Die driestemmigheid, hoër dinamiese vlak en hoër registerplasing kontrasteer met die voorafgaande passasie van die klavier.

Voorbeeld 196: mate 26 tot 30, fluit, trompet en marimba



Die laaste ses mate van seksie A2 bestaan hoofsaaklik uit 'n dialoog tussen die marimba en die regterhand van die klavier. Die donker toonkleur wat deur die pianissimo-passasies in die linkerhand van die klavierparty verkry word, is opvallend, en die lae registerplasing staan weereens in teenstelling met die voorafgaande passasie vir die fluit, trompet en marimba (sien voorbeeld 196).

Voorbeeld 197: mate 31 tot 34, klavier en marimba



In seksie B1 vind die dialoogvoering tussen die klavier en lae strykers vir die eerste keer plaas. 'n Beduidende gaping is tussen die hoë registerplasing van die fluit, trompet en marimba, en die lae registerplasing van die klavier en lae strykers teenwoordig. Die kleur van die mineurakkoord in tweede omkering (wat ook in die tweede deel van die *Concertino* 'n belangrike rol gespeel het), tree vir die eerste keer in hierdie deel op die voorgrond.

Voorbeeld 198: mate 37 tot 39, fluit, trompet, marimba, klavier, tjello's en
kontrabasse



The musical score consists of five staves. The top three staves are for the flute, trumpet, and marimba, all in 8/16 time. The piano part is on the fourth staff, and the strings (violin and cello) are on the fifth and sixth staves. The score shows a dialogue between the piano and the strings, with the piano playing a melodic line and the strings providing harmonic support. The piano part includes dynamics like *mf*, *p*, and *pp*, and features like *div* (divisi) and *pp* (pianissimo). The strings play a rhythmic pattern of eighth notes, with the cello and double bass parts showing a melodic line in the second measure.

Die dialoogvoering tussen die klavier en lae strykers word in die eerste vyf mate van seksie B2 verder ontwikkel. Die afwisseling tussen twee mineurakkoorde in tweede omkering (G#, C#, E en B,E,G) is in hierdie seksie opvallend. Die hoë strykers neem in hierdie mate die melodiese materiaal oor wat vroër in die deel met die fluit, trompet en marimba geassosieer was. Die ryk toonkleur van die strykers is in hierdie mate oorheersend.

Voorbeeld 199: mate 40 tot 44, klavier en strykers



Vanaf maat 45 word kort passasies afwisselend in die verskillende instrumentegroepe gehoor. Die toonkleur van die strykinstrumente wat in die voorafgaande mate oorheersend was, word in hierdie mate deur dié van die fluit, trompet, marimba en klavier vervang. Alhoewel al die instrumentegroepe in die laaste agt mate van seksie B2 aktief is, is 'n merkbare afname in tekstuurdigtheid waarneembaar.

Voorbeeld 200: mate 45 tot 49, tutti




Seksie B3 word deur die sonoriteit van die mineurakkoorde in die klavierparty ingelei. Die dialoogvoering tussen klavier en strykers bereik in hierdie seksie 'n hoogtepunt. Grové vergelyk die afwisselende akkoorde tussen klavier en strykers met die *hoketus*-tegniek wat die vokale polifoniese musiek van die dertiende en veertiende eeue gekenmerk het (Grové, S.: 31 Augustus 2007).

Vier verskillende akkoordkleure is in hierdie seksie waarneembaar:


- Die E-mol mineurakkoord

Voorbeeld 201a: maat 53, klavier



- Die kombinasie van 'n mineurakkoord in tweede omkering (G, C, Eb) en 'n kwartakkoord (F#, B, E)

Voorbeeld 201b: maat 56, klavier




- Die kombinasie van die B-majeur- en C-majeurakkoorde (B, D#, F# en G,C,E)

Voorbeeld 201c: maat 62, klavier



- Die kombinasie van 'n majeurakkoord in tweede omkering (Db, Gb, Bb) en 'n mineursewende-akkoord sonder terts (E, B, D)

Voorbeeld 201d: maat 64, klavier



In hierdie seksie word die hoogste tekstuurdigtheid tot dusver in die derde deel, as gevolg van die volgehoue betrokkenheid van al die instrumentegroepe, bereik. Die melodiese materiaal word deurgaans tot die fluit-, trompet- en marimbapartye beperk.


Voorbeeld 202: mate 60 tot 64, tutti



The musical score is written in 8/16 time and consists of three systems of staves. The first system contains three staves: two treble clefs and one bass clef. The second system contains two staves: a grand staff (treble and bass clefs) and a single bass clef. The third system contains five staves: two treble clefs, a grand staff (treble and bass clefs), and a single bass clef. Dynamics include *mf*, *mp*, and *p*. Performance markings include *unis* and *div*.

Die eerste sewe mate van die terugblik na A2 word ten opsigte van toonkleur deur die hoë registerplasings van die marimba- en klavierpartyte gekenmerk. Die ononderbroke aanwending van die demperpedaal in hierdie mate skep 'n droom-effek wat by die aanwysing *come da lontano* (soos in 'n droom) aansluit.

Voorbeeld 203: mate 73 tot 76, marimba en klavier



The musical score consists of three systems of staves. The top staff is for the marimba, showing a melodic line with accents and a 'simile' marking. The middle and bottom staves are for the piano. The right-hand part of the piano features eighth-note patterns with dynamic markings of *pp* and *mf*. The left-hand part includes a 'Ped.' marking and dynamic markings of *pp* and *mf*.

In die laaste elf mate van hierdie seksie word die "droom" onderbreek deur lewendige dialoogvoering tussen die verskillende instrumentegroepe. Die teksturele kontras met die vorige mate is as gevolg van hierdie fragmentasie ooglopend. Die *hoketus*-tegniek, wat 'n hoofkenmerk van seksie B3 was, word kortliks in die klavier- en strykerpartye herroep.


Voorbeeld 204: mate 82 en 83, tutti



The musical score is written in 8/16 time and consists of several staves. The top two staves are vocal lines. The first staff has a 'Sua' marking above a dashed line. The second staff has 'ten' markings above three notes. The piano accompaniment consists of four staves: a grand staff (treble and bass clefs) and two additional bass clef staves. The piano part features a complex rhythmic pattern with many sixteenth notes and rests.

Die terugblik na B3 (mate 91 tot 103) word deur die volgehoue aanwending van die *hoketus*-tegniek tussen die klavier en strykers gekenmerk.

Voorbeeld 205: mate 91 tot 94, klavier en strykers




The musical score for Example 205, measures 91-94, is written for piano and strings. The piano part is in the upper system, and the string parts are in the lower system. The time signature is 8/16. The piano part features a series of chords in the right hand and a melodic line in the left hand. The string parts consist of five staves, each playing a similar melodic line. The dynamics are marked *pp* (pianissimo).

Drie verskillende akkoorde word in hierdie deel gebruik:

- Die A-mineurakkoord


Voorbeeld 206a: maat 91, klavier



The musical score for Example 206a, measure 91, is written for piano. The time signature is 8/16. The piano part features a series of chords in the right hand and a melodic line in the left hand. The dynamics are marked *pp* (pianissimo).


- 'n Vyfnootakkoord bestaande uit die note F, B, Gb, Bb en C

Voorbeeld 206b: maat 92, strykers



- 'n Sesnootakkoord bestaande uit die note F, F#, A, B, D en Eb

Voorbeeld 206c: maat 97, klavier



Die gebruik van bogenoemde vyf- en sesnootakkoorde in die strykerpartye het 'n digtheid van tekstuur tot gevolg wat met dié van seksie B3 vergelykbaar is (sien voorbeeld 202).

Voorbeeld 207: mate 92 tot 95, tutti

The musical score for Example 207, measures 92-95, tutti, is presented in 8/16 time. It consists of 11 staves. The top four staves (Violin I, Violin II, Viola, and Cello/Double Bass) show melodic lines with dynamic markings of *mf*, *p*, and *mp*. The bottom seven staves (Flute, Oboe, Clarinet, Bassoon, Trumpet, Trombone, and Tuba/Euphonium) show rhythmic patterns with dynamic markings of *pp* and *mf*. The score includes various musical notations such as slurs, accents, and dynamic hairpins.

Tekstuurdigheid bereik in die opruiende koda 'n hoogtepunt. Die toenemend sterker dinamiese aanduidings in die strykers dra by tot die energie wat in hierdie mate genereer word.

Voorbeeld 208: mate 108 tot 112



The musical score is written in 8/16 time and consists of three systems of staves. The first system contains three staves: a Treble staff, a Middle staff, and a Bass staff. The second system contains two staves: a Bass staff and a Treble staff. The third system contains five staves: a Treble staff, a Middle staff, a Bass staff, and two additional Bass staves. The score includes various dynamics such as *mf*, *f*, *ff*, *sf*, *p*, and *ff*. There are also markings for *8va* and accents (>). The notation includes eighth and sixteenth notes, rests, and slurs.

5. OOREENKOMSTE MET ANDER WERKE UIT *MUSIC FROM AFRICA*


As gevolg van die beperkings in omvang van hierdie studie, sal enkele ooreenkomste tussen geselekteerde werke en die *Concertino* kortliks uitgewys en bespreek word. Besprekings sal, soos in hoofstukke 2 tot 4, met musiekvoorbeelde toegelig word. In die keuse van werke wat in hierdie hoofstuk gebruik word, is gepoog om verteenwoordigende voorbeelde vanaf 1984 (die datum van komposisie van die eerste werk uit *Music from Africa: Sonate op Afrika-Motiewe* vir viool en klavier) tot en met onlangse werke (*Stemminge* vir altsaxofoon en klavier, 2006-2007) in te sluit.

5.1 *Sonate op Afrika-Motiewe* vir viool en klavier

Die *Sonate op Afrika-Motiewe* is tussen 1984 en 1985 gekomponeer, en is nommer 1 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie werk bestaan uit vyf afsonderlike dele: *Recitativo (Notturmo 1)*, *Ditirambo*, *Intermezzo (Finale 1)*, *Notturmo 2* en *Finale 2*.

Die kenmerkende jambiese figuur, wat 'n sigbare rol in al drie dele van die *Concertino* speel, is reeds in die eerste mate van die *Recitativo* sigbaar. Die hooftema in maat 2 (viool) word deur sy beperkte melodiese omvang gekenmerk. Die ononderbroke aanwending van die demperpedaal wat veral in die tweede deel van die *Concertino* kenmerkend was, word ook hier aangetref.

Voorbeeld 209: mate 1 en 2, viool en klavier



The musical score for Example 209 consists of three staves: Violin (top), Piano Right Hand (middle), and Piano Left Hand (bottom). The key signature is one flat (B-flat major/D minor) and the time signature is 6/4. The score is divided into two measures. Measure 1 (6/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Measure 2 (9/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Dynamics include *mp*, *mf*, *f*, *p*, *mf*, and *p sub*. Performance markings include *marcato* and *Ped.*

In die *Intermezzo (Finale 1)* word verskeie voorbeelde van die drienoet-herhaalfigure (kiemsel C van die *Concertino*) aangetref. 'n Nou melodiese omvang, sowel as die beweging rondom 'n sentrale spilnoot, is in die vioolparty sigbaar.


Voorbeeld 210: mate 28 tot 31, viool en klavier



The musical score for Example 210 consists of three staves: Violin (top), Piano Right Hand (middle), and Piano Left Hand (bottom). The key signature is one sharp (F# major/C# minor) and the time signature is 6/4. The score is divided into four measures. Measure 28 (6/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Measure 29 (6/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Measure 30 (6/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Measure 31 (6/4) features a violin part with a half note G4, a piano right hand part with a half note G4 and a half note F4, and a piano left hand part with a half note G3 and a half note F3. Dynamics include *mf*.

Die gebruik van jambiese figure is in die *Notturmo 2* steeds prominent. Die gebruik van dalende kontoere is, soos in die *Concertino*, kenmerkend van Grové se komposisiestyl.

Voorbeeld 211: maat 8, klavier




In die opening van *Finale 2* is Grové se kenmerkende onreëlmatige 2+3-groeperings duidelik merkbaar. Die beperkte melodiese omvang, sowel as die intervallsamestelling wat deur sekundes en tertse oorheers word, is met soortgelyke passasies in die *Concertino* vergelykbaar. Die subtiele stygende en dalende kontoer wat in elke maat sigbaar is, is kenmerkend (sien voorbeeld 212b).

Voorbeeld 212a: Sonate op Afrika-Motiewe, Finale 2; mate 1 tot 3, viool



Voorbeeld 212b: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 1; mate 106 tot 108,

klavier




5.2 Liedere en Danse uit Afrika

Die *Liedere en Danse uit Afrika* is tussen 1988 en 1990 gekomponeer, en is nommer 5 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie werk bestaan uit sewe afsonderlike dele: *Stampdans*, *Naglied uit die Verte*, *Begroeting van die nuwe Dag*, *Sagte Lied in die Skemering*, *Dans van die Toordokter*, *Mbira-lied op die Nagbriese gedra* en *Dans van die Windgees*.


Grové se onreëlmatige 2+3-groeperings is 'n hoofkenmerk van die ritmiese samestelling van die *Stampdans*. In die volgende voorbeeld kan gesien word hoe hierdie groeperings deur middel van aksentplasing beklemtoon word.

Voorbeeld 213: *Stampdans*, mate 1 tot 4, klavier




Sintetiese akkoorde wat kenmerke van beide kwartakkoorde en tradisionele tertsegebaseerde akkoorde bevat, is in mate 68 tot 70 opvallend.

Voorbeeld 214a: *Stampdans*, mate 68 en 69




Voorbeeld 214b: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 1; maat 59, klavier




In die *Naglied uit die Verte* herinner die hipnotiese gebruik van herhaalnote sterk aan die klavierintrede in die tweede deel van die *Concertino*. Afwisselende 2+3-groeperings is steeds teenwoordig.

Voorbeeld 215a: *Naglied uit die Verte*, mate 1 tot 4




Die drienoet-herhaalpatrone, pentatoniek (C-D-F-G-(A)) en begeleidende majeurakkoorde wat in *Begroeting van die nuwe Dag* (mate 23 tot 27) voorkom, is almal kenmerkend van Grové se komposisiestyl.

Voorbeeld 216: *Begroeting van die nuwe Dag*, mate 23 tot 25




Die *Sagte Lied in die Skemering* is deurgaans op die pentatoniese toonleer G-A-C-D-E gebaseer. Die melodiese kontoer is weereens dalend.

Voorbeeld 217: *Sagte Lied in die Skemering*, mate 1 en 2




Die gebruik van herhaalnote is 'n hoofkenmerk van die *Dans van die Toordokter*. Kwartgebaseerde akkoorde (in hierdie geval die kombinasie van 'n rein kwart en 'n tritonus) is in die regterhandparty van die eerste agt mate van hierdie stuk oorheersend.

Voorbeeld 218: Dans van die Toordokter, mate 1 tot 3




Die komponis se voorliefde vir pentatoniek is in die *Mbira-lied op die Nagbriese gedra* sigbaar. Hierdie stuk is eksklusief op die toonleer Db-Eb-Gb-Ab-Bb gebaseer.

Voorbeeld 219: Mbira-lied op die Nagbriese gedra, mate 1 tot 3




Vanaf maat 61 tot aan die einde van die *Dans van die Windgees* is dalende melodiese kontoere, pentatoniek (G-A-C-D-E), onreëlmatige groeperings en herhaalnootpatrone die hoofkenmerke.

Voorbeeld 220a: *Dans van die Windgees*, mate 61 tot 63



Voorbeeld 220b: *Dans van die Windgees*, mate 68 tot 72



5.3 Nonyana, die Seremoniële Danser

Nonyana, die Seremoniële Danser is in 1994 gekomponeer, en is nommer 12 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie stuk is aan die Russiese pianis, Vladimir Viardo, opgedra.


Die jambiese figuur is reeds in die eerste maat van hierdie stuk teenwoordig.

Voorbeeld 221: *Nonyana, die Seremoniële Danser*, maat 1



Beide die gebruik van pentatoniek (C#-D#-F#-G#-A#) en die gelyktydige aanwending van legato- en staccato-aanduidings word in mate 6 en 7 geïllustreer. Die dalende rein kwarte in die regterhandparty (note 3 tot 5) herinner sterk aan kiemsel B van die *Concertino*.

Voorbeeld 222a: *Nonyana, die Seremoniële Danser*; mate 6 en 7




p sostenuto senza ped

Voorbeeld 222b: *Concertino* vir klavier en kamerorke, deel 1; maat 13, fluit




Onreëlmatige 2+3-groeperings is oorheersend in die vinnige dele van hierdie werk. In die onderstaande voorbeeld kan ook gesien word hoe die melodiese omvang (regterhandparty) binne die mineurterts gebonde is.

Voorbeeld 223: *Nonyana, die Seremoniële Danser*, mate 20 en 21



Majeur- en mineurdrieklanke kom deur die loop van hierdie werk algemeen in beide die regterhand- en linkerhandpartye voor. Grové se gebruik van tweede omkering-akkoorde as begeleiding vir 'n bewegende party is ook deurlopend opvallend (vergelyk voorbeelde 224b en 224c).

Voorbeeld 224a: *Nonyana, die Seremoniële Danser*, maat 33



Voorbeeld 224b: *Nonyana, die Seremoniële Danser*, mate 42 tot 45




Voorbeeld 224c: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 3; mate 40 tot 44, klavier
en strykers




Herhaalnootpatrone speel in hierdie werk 'n belangrike rol. In die onderstaande voorbeeld kan ook gesien word hoe groepeerings deurgaans met behulp van aksentplasing uitgelig word. Mineur- en majeurekkoorde is steeds in die linkerhandparty prominent.

Voorbeeld 225: Nonyana, die Seremoniële Danser, maat 59



Vanaf maat 89 tree die interval van die mineurterts weereens op die voorgrond.

Voorbeeld 226: Nonyana, die Seremoniële Danser, mate 89 en 90



5.4 Dance song for the Nyau Dance


Dance song for the Nyau Dance is in 2003 gekomponeer, en is nommer 23 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie stuk is vir die 2004 UNISA Internasionale Klavierkompetisie geskryf.

Die hooftema van hierdie werk verskyn in maat 8, en is ten opsigte van kontoer en intervallsamestelling identies aan kiemsel A van die *Concertino* (sien voorbeeld 227b). Begeleidende majeur- en mineurakkoorde is in die linkerhand aanwesig.

Voorbeeld 227a: *Dance song for the Nyau Dance*, maat 8




Voorbeeld 227b: *Concertino vir klavier en kamerorkes*, deel 1; mate 1 en 2, fluit



Prominente voorbeelde van drienoot-herhaalfigure is deurgaans in hierdie werk opvallend. In die onderstaande voorbeeld kan Grové se kenmerkende tweede omkering-mineurakkoorde in die linkerhandparty gesien word. Teenstelling tussen legato en staccato is ook tussen die regter- en linkerhandpartye sigbaar.

Voorbeeld 228: *Dance song for the Nyau Dance*, mate 35 en 36



5.5 Gesprekke vir orrel en klavier

Die *Gesprekke* vir orrel en klavier is in 2005 gekomponeer, en is nommer 31 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie werk bestaan uit vyf afsonderlike dele: *Dialogue 1 (First Acquaintance)*, *Monologue 1*, *Thoughts and Dreams floating in Darkness*, *Monologue II (Toccata)* en *Dialogue II (Reminiscences)*.

Die aanwending van herhaalnootpatrone speel 'n belangrike rol, en die eerste voorbeeld kom reeds in die opening van *Dialogue 1* voor. Die teenstelling tussen legato en staccato is weereens opvallend.


Voorbeeld 229: *Dialogue 1 (First Acquaintance)*, maat 1, orrel en klavier



The image shows a musical score for the first measure of *Dialogue 1 (First Acquaintance)*. It consists of two systems of staves. The first system has a grand staff with a treble clef and a 9/8 time signature. The organ part (top staff) is silent, indicated by a whole rest. The piano part (bottom staff) begins with a piano (*p*) dynamic. It features a sequence of notes: a quarter note G4, an eighth note A4, a quarter note B4, an eighth note C5, a quarter note D5, and an eighth note E5. The second system also has a grand staff. The organ part is silent. The piano part begins with a mezzo-forte (*mf*) dynamic. It features a sequence of notes: a quarter note G4, an eighth note A4, a quarter note B4, and an eighth note C5. A fermata is placed over the C5 note. Below the piano part, there is a pedal point marked 'Ped.' with a line extending to the right, indicating a sustained pedal point.

Tussen mate 19 en 21 (klavier) word gesien hoe die interval van 'n mineurterts in die linkerhandparty beklemtoon word. Die gelyktydige aanwending van legato (linkerhandparty) en staccato (regterhandparty) is ook in die volgende voorbeeld waarneembaar.

Voorbeeld 230: *Dialogue 1 (First Acquaintance)*, mate 19 tot 21, klavier




Die gelyktydige aanwending van legato- en staccato-aanwysings tussen die verskillende instrumente is tussen mate 47 en 49 prominent. In maat 49 kan gesien word hoe hierdie tegniek tussen die regterhand- en linkerhandparty van die klavier toegepas word. 'n Pentatoniese kleur (C-D-F-G-A) is veral in maat 48 opvallend.

Voorbeeld 231: *Dialogue 1 (First Acquaintance)*, mate 47 en 48, klavier en orrel




Die drienoet-herhaalpatroon (kiemsel C van die *Concertino*) is deurlopend 'n belangrike musikale bestanddeel van hierdie deel.

Voorbeeld 232: *Dialogue 1 (First Acquaintance)*, mate 58 tot 60, orrel



Kombinasies van verskillende tweede omkering-mineurakkoorde is in die derde deel van die werk, *Thoughts and Dreams floating in Darkness*, 'n ooglopende kenmerk. Die sonoriteit van die kombinasie van 'n C- en D-mineurakkoord (beide in tweede omkering) is reeds in die eerste tien mate van die klavierparty prominent.

Voorbeeld 233: *Thoughts and Dreams floating in Darkness*, mate 1 tot 3




Eienskappe wat kenmerkend van Grové se benadering tot melodiek is, word tussen mate 15 en 18 in die klavierparty aangetref. 'n Beperkte melodiese omvang, sowel as die neiging om na 'n sentrale spilnoot terug te keer, is hier sigbaar. Dit is interessant om op te let dat dieselfde toonhoogtes wat by die klavierintrede in deel twee van die

Concertino gebruik is, hier aangewend word. Die begeleidende tweede-omkering akkoorde wat deur die loop van die *Concertino* prominent was, word ook in die volgende voorbeeld gesien.

Voorbeeld 234a: *Thoughts and Dreams floating in Darkness*, mate 15 tot 18, klavier



Voorbeeld 234b: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 2; mate 16 tot 18, klavier




Die gebruik van jambiese figure speel ook in hierdie deel 'n oorheersende rol, en majeur- en mineurakkoorde in tweede omkering is steeds in die vertikale strukture opvallend.

Voorbeeld 235: *Thoughts and Dreams floating in Darkness*, mate 25 en 26, orrel en klavier




In die vierde deel van die werk, *Monologue 11 (Toccata)* vir solo-klavier, is die prominensie van die mineurterts in sestiendenootfigurasies opvallend. Die tweede omkering-mineurakkoord is steeds in die regterhandparty prominent. Onreëlmatige 2+3-groeperings word in die onderstaande voorbeeld deur middel van frasebegins uitgelig.

Voorbeeld 236: *Monologue 11 (Toccata)*, maat 21




Die kwartakkoord (in hierdie geval die kombinasie van 'n rein kwart en 'n tritonus) word in hierdie deel prominent in die linkerhandparty gehoor.

Voorbeeld 237: *Monologue 11 (Toccatà)*, maat 29



Die drienoetmotief wat in die minder beweeglike deel van hierdie tokkate 'n hoofrol speel, herinner ten opsigte van melodiese kontoer sterk aan kiemsel B van die *Concertino*. Die mineurtertse in die linkerhandparty, sowel as die aanwending van herhaalnote, speel steeds 'n oorheersende rol.

Voorbeeld 238a: *Monologue 11 (Toccatà)*, mate 32 tot 34



Voorbeeld 238b: *Concertino* vir klavier en kamerorke, deel 1; maat 13, fluit



In die vyfde deel van die werk, *Dialogue 11 (Reminiscences)*, is die dalende drienoottmotief (soortgelyk aan kiemsel B van die *Concertino* - sien voorbeeld 238b) steeds prominent.

Voorbeeld 239: *Dialogue 11 (Reminiscences)*, mate 10 en 11, klavier



Die gebruik van die pentatoniese toonleer G-A-C-D-E is tussen mate 32 en 34 in die regterhand van die orrelparty ooglopend. Mineurtertse oorheers die intervalsamestelling in die regterhandparty van die klavier.

Voorbeeld 240: *Dialogue 11 (Reminiscences)*, mate 32 tot 34, klavier en orrel



In die finale twee mate van hierdie werk is die drienoet-herhaalpatroon en die kwartakkoord (rein kwart plus tritonus) steeds teenwoordig.

Voorbeeld 241: *Dialogue 11 (Reminiscences)*, mate 56 en 57, klavier en orrel




5.6 *Stemminge vir altsaxofoon en klavier*

Stemminge vir altsaxofoon en klavier is gedurende 2006-2007 gekomponeer, en is nommer 34 uit die *Music from Africa*-reeks. Hierdie werk bestaan uit drie afsonderlike dele: *Stelling en Weerklank*, *Blik na Binne* en *Verheffing*.

In die eerste deel van hierdie werk, *Stelling en Weerklank*, is die eerste vertikale en horisontale intervalle wat gehoor word, die mineurterts. Die drienoetmotief in die saxofoonparty is saamgestel uit 'n mineurterts en 'n majeuresekunde, en die melodiese omvang word afgebaken deur die rein kwart, 'n kenmerkende interval in Grové se Afrika-werke.

Voorbeeld 242: *Stelling en Weerklank*, maat 1, altsaxofoon en klavier




Die aanwending van die herhaalnote, mineurtertse (ook in enharmoniese spelling) en die jambiese figuur, bly deur die loop van hierdie deel prominent.

Voorbeeld 243: *Stelling en Weerklank*, mate 19 en 20, altsaxofoon



Die opwagting van twee-en-dertigstenootfigure wat later na kwintole uitgebrei word, herinner sterk aan soortgelyke mate uit die tweede deel van die *Concertino*.


Voorbeeld 244a: *Stelling en Weerklank*, maat 18, altsaxofoon en klavier




Voorbeeld 244b: *Stelling en Weerklank*, maat 32, altsaxofoon



Voorbeeld 244c: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 2; mate 46 tot 50, fluit en marimba




Voorbeeld 244d: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 2; mate 62 en 63, klavier




Grové se kenmerkende tweede-omkering mineurakkoorde word tussen mate 26 en 36 in elke maat in die klavierparty gehoor.

Voorbeeld 245: *Stelling en Weerklank*, mate 27 tot 30, klavier



Die gebruik van 'n dalende tweenoetmotief wat deur die loop van die werk met behulp van omkering en intervalvergroting gewysig word, stem ooreen met die permutasies van kiemsel E wat die tweede deel van die *Concertino* gekenmerk het.

Voorbeeld 246a: *Stelling en Weerklank*, maat 17, altsaxofoon



Voorbeeld 246b: *Stelling en Weerklank*, maat 19, altsaxofoon



Voorbeeld 246c: *Stelling en Weerklank*, maat 29, altsaxofoon




Voorbeeld 246d: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 2; mate 16 tot 18, klavier

Voorbeeld 246e: *Concertino* vir klavier en kamerorkes, deel 2; maat 67, fluit




Voorbeeld 246f: *Concertino* vir klavier en kamerorke, deel 2; mate 24 en 25, klavier




Die gebruik van die drienoet-herhaalpatroon, sowel as kwartsamestellings, jambiese ritmiek en die dalende tweenoetmotief, is binne die eerste twee mate van die klavierintrede in die tweede deel (*Blik na Binne*) teenwoordig.

Voorbeeld 247: *Blik na Binne*, mate 2 en 3, klavier




Die linkerhand-klavierfigurasies wat die derde deel van hierdie werk inlei, bestaan hoofsaaklik uit opeenvolgende sekundes en tertse. Mineurtertse (ook in enharmoniese spelling) oorheers die intervalsamestelling. Die drienoet-herhaalpatroon (kiemsel C van die *Concertino*) word vir die eerste keer in hierdie deel in die regterhandparty van die klavier gehoor.

Voorbeeld 248: Verheffing, mate 1 tot 4, klavier



Die hooftema van hierdie deel wat in mate 3 tot 6 in die regterhandparty van die klavier voorkom, herinner ten opsigte van intervalsamestelling en kontoer sterk aan die eerste klavierintrede in deel 1 van die *Concertino*.

Voorbeeld 249a: Verheffing, mate 3 tot 6, klavier (regterhandparty)



Voorbeeld 249b: Concertino vir klavier en kamerorkes, deel 1; mate 21 en 22, klavier (regterhandparty)



Die dalende viernootmotief wat vir die eerste keer in maat 6 voorkom (sien voorbeeld 249a), word deur die loop van dié deel omgekeer en intervallies gewysig.


Voorbeeld 250a: *Verheffing*, maat 25, altsaxofoon



Voorbeeld 250b: *Verheffing*, maat 28, altsaxofoon



Voorbeeld 250c: *Verheffing*, maat 33, altsaxofoon



Tussen mate 86 en 92 oorheers dalende mineurtertse en drienoet-herhaalpatrone die gesprek tussen die altsaxofoon en die regterhandparty van die klavier. Die drienoet-herhaalpatroon word in maat 87 in ritmiese vergroting aangebied.

Voorbeeld 251: mate 86 tot 89, altsaxofoon en klavier

6. SLOT

Tydens die instuderingsproses van verskeie komposisies uit die *Music from Africa*-reeks het die deurgaanse teenwoordigheid van spesifieke intervalle, akkoordstrukture, melodiese patrone, ritmiese figure en verskynsels betreffende toonkleur en tekstuur, die skrywer se aandag getrek. Uit verdere partituurstudie, sowel as onderhoude met die komponis, het dit geblyk dat daar wel deurlopende elemente is wat nie net die drie dele van die *Concertino* nie, maar ook *Music from Africa* as geheel, kenmerk.

In die *Concertino* vir klavier en kamerorkes was die aanwending van kiemselfpermutasie die belangrikste tegniek wat musikale eenheid en samehang aan die werk verleen het. Daar is gesien hoe vyf verskillende kiemselle deur die loop van al drie bewegings aangehaal en gepermuteer is, en dat elemente en kenmerke van hierdie kiemselle ook in ander werke uit *Music from Africa* voorkom.

Die prominensie van spesifieke intervalle was met die afloop van hierdie studie ooglopend. Veral die intervalle van die mineur- en majeuresekunde, mineurterts en rein kwart is konsekwent in melodiese strukture gebruik. Dalende melodiese kontoere is in die *Concertino*, sowel as die geselekteerde werke wat kortliks in hoofstuk vyf bespreek is, oorheersend. Die gereelde voorkoms van pentatoniese melodieë kan ook as 'n deurlopende kenmerk van Grové se Afrika-musiek beskou word.

Die prominente plasing van mineurakkoorde (hoofsaaklik in tweede omkering), insluitende kombinasies van twee verskillende mineurakkoorde, is in beide die *Concertino* en ander werke uit *Music from Africa* ooglopend. In hierdie studie is ook gesien hoe kombinasies van tertsgebaseerde akkoorde en kwartakkoorde deur die komponis gebruik word, en hoe tweede omkering-akkoorde (beide majeur en mineur) as begeleiding vir 'n bewegende party aangewend word.

Onreëlmatige tydmaattekens wat in afwisselende groepe van twee en drie aangebied word, kan as die mees herkenbare eienskap van Grové se ritmiek beskou word. Hierdie onreëlmatige groeperings word gereeld deur middel van noukeurige artikulasie-aanduidings uitgelig. Wanneer reëlmatige tydmaattekens deur die komponis gebruik word, is dit dikwels opvallend dat sinkopasie verkry word deur die aksentuering van swak polse en tussenpolse, sowel as swak polse en tussenpolse wat na sterker polse oorgebind word.

Die prominensie van die jambiese figuur, sowel as herhaalnootgroepe, is in die *Concertino* en ander werke uit *Music from Africa* ooglopend. Daar is ook gesien hoe deurlopende sestiendenoetpassasies aangewend word om motoriese voortstuwung te bewerkstellig, en hoe ritmiese fragmentasie en vinnige wisselings van tydmaatteken gebruik word om die motoriese momentum te versteur.

Gelyktydige legato- en staccato-aanduidings, kontrasterende registerplasings sowel as geleidelike toe- en afname in tekstuurdigtheid tel onder die mees kenmerkende eienskappe van die komponis se benadering tot toonkleur en tekstuur. Wanneer die aanwending van die demperpedaal deur Grové verlang word, word 'n eiesoortige toonkleur of atmosfeer geskep. Stadige pedaalwisselings, sowel as die ononderbroke aanwending van die demperpedaal oor 'n uitgebreide passasie, was in beide die *Concertino* en die ander werke wat in hoofstuk vyf bespreek is, sigbaar.

Die skrywer is van mening dat die *Concertino* vir klavier en kamerorkes nie net 'n hoogtepunt in die *Music from Africa*-reeks verteenwoordig nie, maar ook een van die belangrikse bydraes van 'n Suid Afrikaanse komponis tot die concerto-genre is.

BRONNELYS

- Grové, S. 1985. *Sonate op Afrika-Motiewe*. Johannesburg: SAMRO.
- Grové, S. 1990. *Sewe Liedere op Boesman-verse*. Manuskrip.
- Grové, S. 1992. *Liedere en Danse uit Afrika*. Pretoria: Unisa.
- Grové, S. 1995. *Nonyana, the Ceremonial Dancer*. Johannesburg: SAMRO.
- Grové, S. 1995. *Sonate vir altviool en klavier*. Manuskrip.
- Grové, S. 1999. *Ses Beelde uit Afrika*. Manuskrip.
- Grové, S. 2003. *Concertino vir klavier en kamerorkes*. Manuskrip.
- Grové, S. 2003. *Dance Song for the Nyau Dance*. Pretoria: Unisa.
- Grové, S. 2005. *Gesprekke vir orrel en klavier*. Manuskrip.
- Grové, S. 2007. *Stemminge vir altsaxofoon en klavier*. Manuskrip.
- Grové, S. 2007. *Onderhoud met Stefans Grové*. 3 Augustus, Pretoria.
- Grové, S. 2007. *Onderhoud met Stefans Grové*. 10 Augustus, Pretoria.
- Grové, S. 2007. *Onderhoud met Stefans Grové*. 17 Augustus, Pretoria.
- Grové, S. 2007. *Onderhoud met Stefans Grové*. 24 Augustus, Pretoria.
- Grové, S. 2007. *Onderhoud met Stefans Grové*. 31 Augustus, Pretoria.

